

Die Mure Val
Josua
Louis Nel

# Josua

## Die Mure Val!

## 'n Reeks Oordenkinge oor die boek Josua

**Louis Nel**

**Desember 2025**

Mosbolletjie
Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


1 Josua
2 Josua se Opdrag
3 Die Spioene en die Prostituut
4 Deur die Jordaan
5 'n Gedenksteen
6 Die Manne word Besny
7 Optog om Jerigo
8 Die Mure Val!
9 ‘n Vrot Ertappel in die Sak
10 Ai, Ai, ons kry Ai!
11 Om te lieg, betaal nie!
12 Die Son Staan Stil
13 Die Noorde word Ingepalm
14 Elkeen Kry Sy Deel
15 Die Grondverdeling Gefinaliseer
16 Asielstede
17 Misverstand
18 ‘n Broederlike Gesprek
19 Afskeidswoorde

# 1

# Josua

## Inleiding tot Josua

**VIDEO | LUISTER**

In Numeri 13 en 14 lees ons vir die eerste keer van Josua die seun van Nun. Hy was een van die twaalf leiers uit die splinternuwe volk Israel wat die Beloofde Land Kanaän moes gaan verken. Dit was die land Wat God belowe het dat Hy vir hulle sou gee. Hulle taak was bloot om 'n verslag saam te stel oor wat hulle in die land gesien het.

Met hulle terugkoms was almal dit eens dat dit 'n mooi en vrugbare land was, wáárlik 'n land van melk en heuning in oorvloed.

Maar.......

Hierdie manne het hulle blindgestaar teen die mense van die land, wat volgens hulle wrede reuse was. Volgens hulle sou dit totaal onmoontlik wees om die land in te neem. Twee van die manne, Josua en Kaleb het

egter nie saamgestem nie. Hulle argument was dat niks immers vir God onmoontlik is nie. Hulle is egter doodgepraat. Die res is geskiedenis, en vir die volgende veertig jaar swerf die volk in die onherbergsame woestyn rond as nomade.

Later lees ons weer van Josua. Moses was toe al 120 jaar oud en die einde van sy lewenspaadjie was naby. Dit het tyd geword dat hy sy leierskap aan iemand anders oorgee. In Deuteronomium 31 lees ons dat Moses die leierskap van die volk aan Josua oorgee. Hy is 'n volwaardige leier, en dit sou sy plig wees om die volk die beloofde land binne te lei. “Wees sterk en dapper!” het Moses vir Josua gesê, “Jy gaan saam met hierdie volk in die land in wat die Here met 'n eed aan ons voorvaders beloof het om aan hulle te gee. Jy moet hulle dit in besit laat neem.”

En so begin Josua se leierskap oor 'n volk wat eintlik nog gladnie die eienskappe van 'n volk gehad het nie. Dit was 'n bitter moeilike

stryd en Josua moes baie gou leer dat as hy hierdie volk suksesvol wou lei, dan moes hy sy volle vertroue op God plaas, selfs wanneer alles totaal onmoontlik sou lyk.

Op die oog af lyk dit asof die hele boek Josua deurdrenk is met oorlogsbloed. Lees jy hom, voel dit amper vir jou asof jy 'n moderne koerant oopslaan of nuus kyk op TV. Dis net oorlog, oorlog en nóg oorlog. En dit gebeur boonop in opdrag van die Here!

Ons wil dan ook met reg vra: “Is ons God dan 'n wrede, harde God wat dáár ver is? Hy kan tog sékerlik nie dieselfde liefdevolle, genadige God wees wat ons leer ken het nie?”

Dis egter slegs oppervlakkige indrukke! Ons moet Josua in die regte lig sien en ons gemoed oopmaak om die ware feite agter dit alles te ontdek.

Eerstens moet ons baie goed besef dat daar allerhande soorte geweld geheers het in Josua se tyd, soos wat dit terloops vandag ook maar gaan. Kyk maar net hoe gaan dit in

die Oekraïne en Israel asook in ‘n paar Afrikalande! Dan moet ons ook baie deeglik besef dat die boek Josua beslis nie geweld aanblaas nie en keur nie geweld goed nie! Dit sluit slegs aan by die werklikheid van die lewe.

Eintlik lees ons die teendeel, want met die verhaal van die Israeliete se intog in die Beloofde Land, sien ons hoedat 'n liefdevolle God Sy belofte aan Sy kinders nakom. Terselfdertyd verwag Hy ook van Hulle om Hom te dien.

Die boek Josua is 'n verhaal van die wording van 'n volk, maar die boodskap wat ons vandag daaruit kry is dat die boek ons wil oortuig om die Here met eerbied en oorgawe te dien. Hy is immers 'n God wat respek afdwing. Inderdaad het Hy talle beloftes aan sy volk gemaak asook aan ons vandag en Hy kom Sy beloftes ten volle na! Hy vra egter volle gehoorsaamheid van diegene wat hulle aan Hom verbind.

Wanneer het die boek ontstaan? Die antwoord is dat dit oor 'n baie lang tydperk sy ontstaan gehad het, hoofsaaklik as mondelinge vertellinge of dalk enkele geskrewe fragmente uit koning Josia se tyd. Die boek is egter vir die eerste keer tydens, of dalk net ná die tweede Ballingskap op skrif gestel. Dus is dit iewers tussen 500 en 550 vC. geskryf.

Die boek Josua is 'n portret van Israel se verowering en verdeling van Kanaän onder aanvoering van Josua. Daar is vyf hoof temas wat deur die boek loop:

1. God maak Sy beloftes waar Hy het belowe dat Hy die land aan die volk sou gee, en inderdaad het Hy dit gedoen. Telkemale sien ons hoedat Hy verskeie beloftes maak en nakom, soos byvoorbeeld die inval in Jerigo.

2. Die Here alleen is God en hulle mag alleen die Here dien en geen vreemde gode nie.

3. Die derde tema is dat hulle gehoorsaam moes bly aan die Here.

4. Tema vier is dat die land 'n gawe van God is.

5. Die vyfde tema is die vraag of geweld en oorlog werklik die opsie vir sukses en oorwinning is?

Gebed:

Here, dankie vir die voorbeeld van 'n Josua wat sy volle vertroue in U alleen gestel het!

# 2

# Josua se Opdrag

## Josua 1:1-18

## VIDEO | LUISTER

"Ek sal by jou wees" - sekerlik die mees bemoedigende woorde wat jy kan kry! Die Here het vir Jeremia daardie versekering gegee in Jeremia 1:8 en Jesus het dit ook in Mat. 28:20 met Sy hemelvaart vir Sy dissipels gesê. Nou lees ons in Jos. 1:5 dat die Here vir Josua sê: "*Soos Ek by Moses was, sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie.*"

In Numeri 27:22 lees ons dat Moses kort voor sy dood in opdrag van die Here vir Josua die hande opgelê het en hom geseën het vir die reuse taak wat op Josua se skouers sou rus om die volk die beloofde land in te lei. Kort daarna het Moses sy laaste reis onderneem. Hy het na die Moabsvlakte vertrek waar hy tot op die piek van die Neboberg naby Jerigo geklim het.

Hiervandaan kon hy die hele Beloofde Land sien. En toe was Moses gereed om sy Skepper te ontmoet. Hy het gesterf en die Here het hom persoonlik iewers op die Moabvlakte begrawe, maar sy graf is nooit gevind nie - hiervan lees ons in Deuteronomium 34.

Nou is die mantel vierkantig op Josua se skouers om die Beloofde Land in besit te neem vir Israel. Sommer dadelik kry hy 'n opdrag van die Here om oor die Jordaanrivier te trek met die volk en die land op te eis. Dit klink só eenvoudig! Maar Josua gaan nie alleen nie, die Here is mos met hom – só het die Here hom belowe! Boonop gee die Here vir Josua die versekering: “*Ek gee vir julle elke plek waar julle kom.*” Dan spel die Here vir hom uit presies waar die grense van hierdie nuwe land moet wees. Al wat Josua moes doen was om dit in besit te gaan neem.

Dit beteken egter nie dat Josua maar in sy leunstoel kon gaan sit en alles sou in sy skoot val nie. Dit sou van hom harde werk

vra, en hy sou hom letterlik in mure vasloop. Dinge sou dikwels vir hom totaal onmoontlik lyk. Hy moes dus vasberade en dapper wees en hom deur niks van stryk laat bring wanneer hy by hierdie hindernisse kom nie. Bo alles moes Hy die Here ten volle vertrou met sy hele lewe. Dan gee die Here hom die versekering in vers 5: "*Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie!*"

Daar was egter 'n ander baie belangrike saak wat die Here aanroer in vers 7: *"Wees net baie dapper en sterk, sodat jy die hele wet wat Moses, my dienskneg, jou beveel het, nougeset uitvoer. Moenie links of regs daarvan afwyk nie, sodat jy sukses kan behaal oral waar jy gaan."* Die Wet van die Here moet die rigsnoer wees vir hulle lewens so ver as wat hulle gaan.

Tydens die Groot Trek het die ou Voortrekkers hulle Bybel in die wakis gehad voor op die waens. Dit sou die rigsnoer word vir hulle lewens wanneer hulle die vreemde intrek. Hoe kan dit ook anders? Vandag kan

géén gelowige die lewenspad aandurf sonder daardie belangrike rigsnoer vir ons lewens nie. Maar jou Bybel moet nie maar net in jou “wakis” bly lê nie. Dit moet gebruik word en jy moet dit deel van jou alledaagse lewe maak. Ons kan nooit genoeg kry van God se Woord nie.

Wanneer Josua die opdrag van God kry om die land in te neem, spandeer hy nie eers maande met voorbereidings en beplanning nie. Hy gee opdrag aan sy beamptes om die woord onder die volk te gaan versprei: “Kry padkos gereed – oor drie dae trek ons die land binne.” Oor drie dae! Dis sommer nóú. Josua laat nie gras onder sy voete groei nie!

Maar eers is daar 'n klein probleempie wat uitgesorteer moes word: In Numeri 32 lees ons van drie stamme, Ruben, Gad en Manasse. Hulle het groot troppe vee gehad, en hulle moes plek kry om die vee te laat wei. Moses het vir hulle grond gegee aan die oostekant van die Jordaan. Nou is hulle

bekommerd dat hulle hierdie grond sou verloor wanneer hulle in Kanaän intrek.

Josua besluit om 'n vergunning te maak. Hulle kon die grond behou op voorwaarde dat hulle eers moes gaan help om Kanaän te verower. Hulle vee, vrouens en kinders kon egter op die grond agterbly. Die manne stem in, en boonop sou hulle sommer die voorste linie vorm van die invalsmag.

As gelowiges is ons deel van 'n span wat moet saamwerk. Dit begin in my gemeente waar ek nie maar 'n kliek vorm saam met my ander selgroeplede nie, maar waar die span die hele gemeente is. Om die gemeente te laat slaag, beteken dat ons almal saam skouer aan die wiel sit. As een van die ander groepe iets aanpak, ondersteun almal om dit te laat slaag. Maar dit gaan veel verder as net ons gemeente. Ons is deel van 'n baie groter span wat al die ander denominasies insluit. En dit maak nie saak of die “ander span” swart of bruin of pienk is nie – ons is almal deel van die eenheid.

Almal is sommer dadelik opgewonde oor hierdie nuwe “avontuur” en ek kan my indink hoe daar in die kamp van die Israeliete rondgeskarrel is om alles betyds op te pak en gereed te kry. Hulle het immers veertig jaar gewag vir hierdie groot dag!

Gebed:

Here, ek is deel van 'n baie groot span. Help my om my oogklappe af te haal en deel te word saam met die ander!

# 3

# Die Spioene en die Prostituut

## Josua 2:1-24

**VIDEO | LUISTER**

In die kamp van Israel is alles in rep en roer: “Ons trek!” is die woord op almal se lippe. Holderstebolder word oral geraap en geskraap om alles gereed te kry want oor ‘n skamele drie dae val hulle in die pad!

Intussen is Josua hard besig om die inval te beplan. Hy besluit dat mens mos nie sommer so blindelings in 'n vyandige land kan instap nie. Jy moet eers weet wat die situasie anderkant die rivier is. So amper veertig jaar tevore was hy deel van 'n ekspedisie om die land te verken. Sou dit nie dalk 'n goeie idee wees om weer een te stuur nie? Maar hierdie slag stuur hy net twee betroubare manne. Hulle moes Jerigo gaan verken want dis die eerste stad in sy visier, reg oorkant die Jordaanrivier.

En só steek die twee spioene die grens oor. Die stadspoorte van Jerigo staan wawyd oop en hulle glip ongesiens in. Maar hulle is vreemdelinge in 'n klein stadjie waar almal mekaar ken. Met groot ontsteltenis sien hulle hoedat die mense hulle met wantroue aankyk. “Ons sal 'n plan moet maak!” sê die twee vir mekaar. En dan sien hulle dit: op 'n bordjie by een van die huise in die stadsmuur staan die uitnodiging: “Besoek Ragab vir 'n goeie tydjie.”

Desperaat om van die nuuskierige oë weg te kom, glip hulle daar in. En dan, tot hulle groot ontsteltenis, moet hulle uitvind dat hulle hulleself in 'n prostituut se bordeel bevind. “Wat nou?” wonder hulle hardop.

Ek weet nie wie van hulle die grootste geskrik het nie, Ragab die prostituut of die twee spioene. “Wat maak julle hier?” Sy herken hulle sommer dadelik as Israeliete. Jy kan hulle 'n myl ver uitken! En die dinge wat sy gehoor het van Israeliete is dat hulle 'n gevaarlike klomp is. Hulle reputasie het hulle

vooruitgeloop. Die wonderwerk toe hulle deur die Rietsee getrek het en toe al die Egiptenare versuip het, is veertig jaar later steeds op almal se lippe. En kyk net hoe hulle van die ander groot vyandelike volke totaal uitgewis het sodat daar nie 'n lewende siel oorgebly het nie! Maar hierdie twee lyk dan gladnie so wreedaardig nie! Hulle is doodgewone manne. “Spioeneer julle op ons?” wil sy weet. “Gaan julle Jerigo ook kom uitwis?”

Die twee manne besef sommer dadelik dat hulle doppie geklink is. “Assblief, moenie ons weggee nie!” pleit hulle.

Haar hart word sommer dadelik sag vir die twee weerlose manne. Boonop het sy gehoor van hierdie God wat hulle aanbid en van die groot wonderdade wat Hy gedoen het. Sy wou meer weet van Hom, want sy het nou al agtergekom dat die klipgode wat hulle aanbid 'n mite is. “Julle kan maar hier wegkruip. Wees gerus, ek sal niks sê nie!”

Dan is daar 'n gehamer aan haar deur. “Gou! Hardloop op na die dak toe!” beveel sy hulle. Daar kruip hulle weg onder 'n groot hoop vlas.

Dit klink asof die manne haar deur wil afbreek. Met 'n gesig wat oorloop van vriendelikheid, maak sy die deur oop vir haar “kliënte”.

“Waar is hulle?” bulder die soldaat. “Lewer dadelik daardie twee manne uit wat hier by jou is!”

“O, daardie twee?” vra sy onskuldig, en dit lyk asof botter nie in haar mond kan smelt nie. “Hulle is netnou weg. Is daar 'n probleem?”

“Waar is hulle heen?” wil hy woedend weet. “Hulle is spioene en hulle wil ons land kom verken!”

Gemaak verbaas vertel sy vir hulle dat sy nooit besef het wie hulle is nie, maar dat die twee manne hier uit is net voor die stadspoorte gesluit het. As hulle gou maak,

haal hulle dalk nog die twee in! Wanneer die soldate weg is, sluit sy die deur en hardloop op na die dak waar die twee spioene steeds onder die vlas wegkruip.

“Ek weet die Here gee vir julle die land; ons is skrikbevange vir julle, al die inwoners van die land bewe uit vrees vir julle.” Die vrou is baie bang. “Ek het julle goed behandel. Lê dan nou vir my 'n eed voor die Here af dat julle my familie ook goed sal behandel,” smeek sy. Die manne belowe haar dat sy niks sal oorkom nie. Sy moet net sorg dat haar familie by haar in die huis is en dat sy 'n rooi lap by haar venster sal laat uithang. Op haar beurt belowe sy dat sy niks sal uitlap nie.

Wanneer alles bedaar het, laat sak sy die twee manne met 'n tou deur haar venster buite die stadsmuur af met die opdrag dat hulle eers vir drie dae in die berge moet wegkruip om seker te maak dat hulle nie agtervolg word nie.

Wanneer die twee spioene weer veilig oor die Jordaan is en by Josua aankom, is hulle woorde aan hom: “Die Here gee die hele land oor in ons mag. Al die inwoners van die land bewe van vrees vir ons.” Hoe anders as die vorige ekspedisie waar die verspieders so verskriklik negatief gestaan het teen die inval.

Drie keer het Josua bevestiging gekry dat hy die land moet inval en is hy bemoedig deur die Here. Die derde keer is dit sy eie volksgenote wat dit vir hom gee.

Die Here bemoedig en ondersteun ons, Sy kinders op talle maniere met beloftes. Ons is medewerkers in die vervulling van God se beloftes!

Gebed:

Here, dankie vir die voorbeeld van Josua wat U ten volle vertrou het. Gee my asseblief ook daardie onwrikbare vertroue in U!

## 4

# Deur die Jordaan

## Josua 3:1-17

**VIDEO | LUISTER**

Almal is opgewonde: “More vroeg trek ons!” In die kamp van Israel word daar die nag bitter min geslaap. Hulle is by Sittim, sowat twintig kilometer van die Jordaanrivier af, reg oorkant die stad Jerigo. Daar ver onder kan hulle die bruin massa water van die Jordaan sien bruis. Die rivier is in vol vloed, en hulle eerste groot uitdaging is om eers deur die rivier te kom voordat hulle in die Beloofde Land kan kom.

Dit is nog pikdonker wanneer die volk vroegoggend die bevel kry om in die pad te val. Hulle gaan om die land Kanaän binne te val. Maar anders as enige ander aanvalsmag, is dit nie verspieders of soldate wat die voorhoede vorm nie, maar 'n rustige prentjie van 'n span Levitiese priesters in hulle wit klere met die Verbondsark wat aan

twee drastokke hang. Byna 'n kilometer agter hulle volg die groot massa Israeliete. So trek hulle die hele dag lank af na die laagtes van die Jordaan.

Daar slaan hulle kamp op. Josua wil eers alles behoorlik organiseer voordat hulle die rivier oorsteek, dus slaan hulle tent op en staan vir drie dae daar oor.

Maar daar is 'n probleempie. Nee, eintlik eerder 'n uitdaging, want soos hulle reeds daar van Sittim af gesien het, is die Jordaan in vol vloed. 'n Woedende, bulderende bruin massa skei hulle van hulle beloofde land. Dit lyk egter gladnie of dit vir Josua pla nie. Hy is net besig om almal te organiseer en die mense te laat verstaan presies wat hulle moet doen.

Wanneer hulle vroeg die oggend op dag drie steeds wonder hoe hulle deur die rivier gaan kom, doen Josua 'n baie snaakse ding. Hy beveel die priesters wat die ark dra om met die Verbondsark af te loop tot by die rivier. Die volk kry opdrag om hulleself eers te gaan

reinig, want vandag gaan hulle die Here beleef soos nog nooit tevore nie. *“Hieraan sal julle weet dat die lewende God in julle midde is en dat Hy beslis die Kanaäniete, die Hetiete, die Hewiete, die Feresiete, die Girgasiete, die Amoriete en die Jebusiete voor julle sal verdryf.”*

Hy verduidelik vir hulle dat hulle hulleself nie moet laat intimideer deur die woedende watermassa nie, want die Almagtige God van hemel en aarde gaan die rivier spesiaal vir hulle afsny. Hy sal sorg dat die watermassa hoër op in die rivier sal opdam sodat die rivier ophou vloei. Dan sal hulle, nes die geval was by die rietsee, droogvoets deur die rivier kan stap. Dit het amper te goed geklink om waar te wees, maar Josua het geweet dat die Here Sy belofte sou uitvoer.

Dan beveel hy die priesters om in die vlak water in te stap. Die volgende oomblik snak die volk na hulle asems, want die oomblik as die priester se voete die water raak, is dit

asof 'n reuse hand die rivier se vloei skielik stop.

Wat presies gebeur het, is nie seker nie, maar daar is 'n vermoede dat die Here 'n rotsstorting bewerkstellig het by die stad Adam, wat die rivier totaal in sy spore gestuit het. Presies op die regte oomblik! Hoe gróót is ons God!

Die volk kon droogvoets deur die rivier trek terwyl die priesters met die Verbondsark in die middel van die rivier op die bedding bly staan het totdat almal veilig deur was.

Uit hierdie wonderlike verhaal leer die eerste lesers van die verhaal asook ons vandag 'n hele paar baie belangrike dinge.

Eerstens was daar die Verbondsark wat vooruit gegaan het en die eerste linie gevorm het. Vir die Israeliete was die Verbondsark die simbool van God se teenwoordigheid. Hulle moes besef dat wanneer God saam met hulle is, dan kon hulle selfs die onbekende binnegaan met 'n geruste hart. In die tyd toe hierdie verhaal op skrif gestel

was, was die volk weereens in die onbekende, uitgelewer in ballingskap. Die Ark was saam met hulle, en in hierdie simbool was hulle weereens vertroos dat God nie in Palestina agtergebly het nie, maar hulle vooruitgegaan het na die land van hulle ballingskap.

Vandag is die Verbondsark steeds met ons in die vorm van die Bybel, God se Woord, waarin God ons beloof dat Hy vir altyd by ons, Sy kinders is.

Die tweede waardevolle les wat ons uit die verhaal leer, is dat Hy, die Skeppergod, steeds die skepping beheer. Hy beheer nie alleen die skepping nie, maar ook die lot van volke. Watter wonderlike troos lê daar nie hierin vir ons opgesluit nie! Dikwels voel dit vir ons asof dit die Bose is wat in volle beheer is met die verskriklike dinge wat gebeur. Hier sien ons egter die teendeel. By die Rietsee was dit 'n sterk wind wat die Here gestuur het op presies die regte tyd. By die Jordaan gebruik die Here waarskynlik

weereens 'n natuurlike verskynsel, 'n rotsstorting om die rivier op te dam.

Dit is egter die perfekte tydsberekening, want presies op die oomblik wanneer die priesters se voete die water raak, hou die rivier op vloei. Is dit nie asemrowend nie!

Hy is die Een wat alles geskep het en Hy is die Een wat die ganse skepping beheer. Maar dit sê ook dat die Here red omdat Hy die Skepper is. Hy beskik nie alleen oor die mag om ons by te staan nie maar ook oor die wil om dit te doen!

Gebed:

Here, U is wonderlik. U is in beheer, nie alleen oor mense nie maar oor die ganse skepping en natuurkragte. Ek aanbid U en ek loof U met alles in my!

5

# 'n Gedenksteen

## Josua 4:1-5:1

**VIDEO | LUISTER**

Nadat die hele volk droogvoets deur die Jordaanrivier gestap het, bly die priesters met die Verbondsark steeds in die middel van die rivier, onder op die bodem staan. Dan wys Josua uit elke stam 'n man aan om terug te gaan in die rivier in. Twaalf manne moet elkeen uit die rivierbedding 'n groot klip gaan haal, waarmee hulle 'n gedenkteken moet bou waar hulle die nag kamp opslaan. Hierdie klipstapel moet hulle nageslag herinner aan daardie dag toe die Here hulle droogvoets deur die rivier gelei het. Dit moes hulle ook herinner dat die Here vir hulle hierdie land gegee het. Hierdie gebeurtenis mag nooit vergeet word nie!

Hulle moes ook 'n soortgelyke gedenksteen oprig in die middel van die rivier, op die plek

waar die priesters met die Verbondsark gestaan het.

Dit is belangrik dat ons as gelowiges “gedenktekens” sal oprig om ons te herinner aan dít wat die Here vir ons gedoen het. Twee sulke gedenktekens is die doop en die nagmaal, tekens van God se mag asook Sy liefde en genade. In 'n sekere sin is die kerk ook so 'n gedenkteken. Die kerk herinner ons daaraan dat die Here ons red uit die sonde en uit die ewige verdoemenis.

Eers nadat die gedenkteken op die rivierbodem opgerig is, gee Josua opdrag dat die priesters met die Verbondsark uit die rivier kon kom, waar hulle nog al die tyd bly staan het. Weereens sien ons God se almag, wanneer die volgende groot wonder gebeur. Presies op die oomblik toe die priester op die wal aankom, begin die rivier weer vloei en in al sy woede afstroom na die Dooie See!

Hierdie wonderlike gebeure by die Jordaanrivier bevestig die Here se teenwoordigheid, Sy leiding en Sy almag aan

die volk. Nou is hulle gereed om die Beloofde Land in ontvangs te gaan neem. Hulle besef maar ál te goed dat nie alles maar in hulle skote sal val nie. Daar lê vir hulle harde werk voor, en hulle moet bereid wees om ook te veg vir hulle land. Hierdie heidenvolke sal beslis nie maar boedel oorgee wanneer hulle die Israeliete sien opmarsjeer nie. Daarom is daar veertigduisend gewapende manne wat gereed is vir oorlog wat gaan optrek teen die Kanaänietiese volke wat die land beset.

Ons het gelees van die drie stamme wat grond besit oorkant die Jordaan - Ruben, Gad en Manasse. Hulle het belowe dat hulle die voorhoede sou vorm, en nou doen hulle hulle belofte gestand. Hulle val héél voor in wanneer die Israeliete optrek teen die land Kanaän.

Op Josua se bevel trek die Israeliete tot by Gilgal waar hulle kamp opslaan, skaars 'n klipgooi van Jerigo af en in volle sig van die stad se bevreesde inwoners. Met die twaalf

klippe uit die Jordaan bou hulle nou die gedenkteken.

Nadat die klipstapel gebou is, sê Josua vir die Israeliete: “As julle kinders eendag hulle pa's vra: ‘Wat beteken daardie klippe?’ moet julle die kinders inlig en sê: Israel het op droë grond deur hierdie Jordaanrivier gegaan.” Hulle moes vir hulle kinders vertel dat God dit gedoen het sodat al die volke van die aarde kon besef dat die mag van die Here groot is, asook dat hulle die Here altyd sou dien.

Josua het kamp opgeslaan by Gilgal, wat ‘n skamele twee kilometer van Jerigo af was. Van hulle stewige stadsmure af het hulle waarskynlik afgekyk op die kamp van die Israeliete. Dit moes sékerlik vrees en bewing ingeboesem het by die Jerigoïte, want soos ons reeds gehoor het van Ragab, het die inwoners van Kanaän 'n heilige vrees vir die Israeliete gehad!

Ek dink hulle het die stadspoorte gegrendel en g'n siel het dit durf waag om sy neus daar uit te steek nie. Waarskynlik het hulle gedink

dat hulle doodveilig is agter hierdie mure. Wie sou dit ooit kon regkry om deur hierdie stewige mure te kom?

As Josua 'n verkyker gehad het, sou hy egter een enkele gesig deur 'n venster in die muur sien loer het, dié van Ragab die prostituut wat angstig staan en wonder het of daardie twee spioene óóit van haar sou onthou? Sy was oortuig daarvan dat die inwoners van Jerigo gladnie so veilig agter hulle muur was nie. Onderkant haar venstertjie het 'n baie opvallende rooi lap gewapper in die wind.

Die gebeure by die Jordaanrivier het nie ongesiens verbygegaan in Kanaän nie. In Josua 5:1 lees ons: “Toe al die konings van die Amoriete aan die westekant van die Jordaan en al die konings van die Kanaäniete langs die see hoor dat die Here die water van die Jordaan voor die Israeliete laat opdroog het totdat hulle deurgetrek het, het hulle harte ineengekrimp, sodat hulle nie meer moed gehad het vir die Israeliete nie.”

Die tog deur die Jordaanrivier het dus 'n dubbele doel gedien. Nie alleen het dit vir die Israeliete 'n uitkoms gebied om in die land te kom nie, maar terselfdertyd ook alreeds die grondslag gelê vir ‘n oorwinning as gevolg van die vyand se vrees vir hulle!

Vandag kan ons net in verwondering hierdie verhaal lees. Die grootste wonder lê egter nog voor!

Gebed:

Here, ek kan vanoggend maar net in totale verwondering na U kyk. U is waarlik gróót bo almal!

6

## Die Manne word Besny

## Josua 5:2-12

**VIDEO | LUISTER**

Na veertig jaar van rondswerf in die woestyn is die volk nou uiteindelik in die Beloofde Land, Kanaän. Hierdie woestyntyd was in meer as een opsig vir die volk ‘n tydperk van skande. Hulle het immers daar geland omdat hulle ongehoorsaam was aan God. Hulle het Hom nie vertrou nie! Die Here het vir hulle belowe dat Hy die land in hulle hande gee. Al wat hulle moes doen, was om dit in ontvangs te neem. Hulle het egter nie geglo dat dit kon gebeur nie, en hulle het verkies om nie die land binne te gaan nie!

Met die intog in die Beloofde Land, kom die skandelike woestyntyd tot ‘n einde. Vir die volk is dit ‘n splinternuwe begin. Daar kom egter ‘n baie belangrike saak hiermee saam. Toe God destyds die verbond met Abraham gesluit het, het Hy Abraham beveel dat hy en

sy nageslag almal besny moes word as teken van God se verbond. Die Israeliete wat uit Egipte getrek het, was almal besny. Maar tydens die veertig jaar in die woestyn het die volk in baie opsigte afgedwaal van die Here af. Onder andere het hulle nagelaat om hulle seuns te besny. ‘n Hele geslag het intussen uitgesterf, en die gevolg was dat feitlik nie een van die huidige geslag besny was nie.

‘n Nuwe begin in die nuwe land beteken vir die volk dat hulle met ‘n skoon bladsy begin. Die volk kry as’t ware ‘n nuwe identiteit. Deel van die nuwe identiteit is dat hulle die sigbare teken dra dat hulle aan die Here verbind is. Daarom kry Josua opdrag van die Here om al die mans en seuns te laat besny. Tradisioneel word dit met klipmesse gedoen, en daarom moes hy spesiaal klipmesse maak vir die besonderse gebeurtenis.

Vir die Israeliete was die feit dat hulle nie besny was nie nét so ‘n groot skande op hulle naam as die woestyntyd. Wanneer hulle dus besny word, word hulle simbolies bevry

van die skande wat hulle met hulle saamdra. God plaas as't ware 'n punt agter die skande en verleenthede van die verlede. Hy begin totaal nuut met hulle. Daarmee is hulle skandelike verlede ook totaal vergete.

Baie jare later het daar 'n wonderlike ding gebeur by Golgota, waar God óók 'n punt geplaas het agter die skandelike verlede van enigeen wat bereid is om in Jesus te glo. Wanneer jy die dag omdraai en jou vertroue in Hom plaas, gee Hy jou 'n splinternuwe identiteit as kind van God. Jy word hiermee dan ook bevry van die reputasie wat jy met jou saamgedra het. Die teken van die doop bevestig daardie nuwe identiteit.

Josua noem die plek waar hulle gekamp het en waar die besnydenis plaasgevind het "Gilgal" wat beteken: "God het bevry".

Hierdie moes 'n reuse operasie gewees het, want ons weet dat daar veertigduisend weerbare manne was. Dan was daar nog al die ander wat nie so weerbaar was nie asook 'n magdom kinders. En almal is besny! Na 'n

week of twee het almal gelukkig darem herstel. En dan wag daar ‘n groot fees op hulle. Josua beveel dat almal die Paasfees vier, waar die uittog uit Egipte herdenk word. Die Paasfees vertel vir die volk hoedat God hulle gered het uit die Egiptiese slawerny!

Die volgende oggend eet hulle ongesuurde brood en gebraaide koring as deel van die fees. Die koring is deel van die opbrengs van hierdie nuwe land wat hulle so pas betree het. Dit was dus in daardie sin óók vir hulle ‘n nuwe begin.

Tot op daardie stadium het die Here nog steeds elke dag vir die volk manna uit die hemel voorsien. Vir veertig jaar lank, dwarsdeur hulle woestyntydperk, het die Here getrou voorsien ten spyte van die volk se ongehoorsaamheid en afvalligheid. Daar breek egter nou ‘n nuwe tydperk aan waar hulle kos kry uit hierdie nuwe land van oorvloed. En dan hou die manna skielik eensklaps op. Op die dag wat hulle die eerste vrug van Kanaän eet, stop die manna.

Nou begin daar vir hulle ook ‘n totale nuwe lewenswyse, waar hulle uiteindelik hulle eie grond gaan kry en kan plant en oes van hierdie vrugbare land. Dit gee ‘n verdere varsheid aan hulle nuwe verhouding met die Here.

God se voorsiening van manna aan die ontroue volk, vertel vir ons iets van die wonderlike voorsiening van God aan ons. Alles is suiwer genade! God gee nie in ooreenstemming met dít wat ons doen nie. Dit hang nie af van hoe goed ons is nie. As dit die geval sou wees, sou meeste van ons jammerlik gekrepeer het van die ellende! Maar nou weet ons dat Hy voorsien omdat Hy vir ons lief is!

Maar waar laat dit my en jou? Omdat God se genade so groot is, beteken dit dat ons maar kan terugsit en doen wat ons lus het?

Baie beslis nie! Omdat Sy genade oor my so wonderlik groot is, gaan ek júís my álles vir Hom gee om op daardie manier vir Hom

dankie te sê vir Sy groot liefde wat Hy aan my bewys het.

Gebed:

Here, ek besef weereens vanoggend dat alles genade is en dat U my met ‘n oorvloed guns oorlaai ten spyte van my lewe wat nie altyd volgens U wil is nie. Help my asseblief dat ek U uit dankbaarheid kan dien!

# 7

# Optog om Jerigo

## Josua 5:13 tot 6:14

**VIDEO | LUISTER**

‘n Paar weke gaan verby sedert die Israeliete hulle intrek geneem het by Gilgal, skaars ‘n klipgooi van die versterkte stad Jerigo. Die Jerigoïte se oë het groot gerek toe hulle sien hoedat hierdie massa mense droogvoets deur die Jordaan stap. Hulle was vreesbevange, want voor hulle oë sien hulle dat nou gebeur wat destyds by die Rietsee gebeur het. Dan was dit tóg waar! Dit was nie maar net stories nie! Die hekwagte kry opdrag om die stadspoorte te sluit en te grendel. Niemand mag daar in of uit nie want die vreesaanjaende klomp Israeliete mik vir húlle stad!

Die brawes wat dit waag om oor die hemelhoë stadsmuur te loer, sien eienaardige dinge plaasvind daar by Gilgal. Op ‘n stadium verdwyn al die manne in hulle

tente in, en dit is vir langer as ‘n week net die vrouens wat sigbaar is. Wat het daardie manne in hulle tente gekonkel? ‘n Paar dae later sien hulle weer dat die klomp daar onder feesvier. Maar op géén stadium wil dit lyk asof hulle gereedmaak om die stad aan te val nie. Hulle verstaan dit nie!

Josua besluit om ‘n entjie te gaan stap in die stad se rigting. Hy weet nie mooi wat om te doen nie, want hy hoor niks van die Here af nie. Wanneer moet hy nou die stad gaan aanval? Voor hom rys die manjefieke klipmure op. Hierdie is voorwaar ‘n sterk stad! Hy wonder hoe enigiemand óóit oor daardie mure gaan kom. Boonop is die poorte solied en onbeweeglik.

‘n Beweging vang Josua se oog. Hy skrik hom yskoud as hy skielik ‘n man hier vlakvoor hom sien staan met ‘n ontblote swaard. Oomblikke gelede was hier nog niemand! Waar kom hy so skielik vandaan? “Is u aan ons kant of aan ons vyande s'n?”

stamel Josua. Daar is iets heiligs aan hierdie man. Josua voel dit sommer dadelik aan.

“Nee,” stel die man hom gerus, “ek is die aanvoerder van die leër van die Here. Daarom is ek hier.”

Josua buig laag voor die man. Die aanvoerder van die leër van die Here! Sy hart klop in sy keel. “Trek jou skoene uit, Josua, want die plek waarop jy staan, is 'n gewyde plek.”

Dan moet Josua tot ‘n skrikwekkende besef kom: hierdie is nie maar ‘n engel nie, maar een wat God verteenwoordig! Dit is heilige oomblikke wat hy beleef! “Ek gaan Jerigo nou in jou mag oorgee.” deel die engel vir Josua mee.

Dan kry Josua volledige instruksies van presies wat hom te doen staan. Wanneer Josua opkyk, is die engel weg. Hy spring op en hardloop opgewonde na Gilgal. Die tyd het aangebreek! Oor sewe dae is die stad hulle s’n! So het die Here hom belowe.

In die kamp van die Israeliete is alles in rep en roer. Hier is aksie! Die héél belangrikste is nie die soldate nie maar die priesters. Almal, die vyand inkluis, moet baie duidelik besef dat dit nie Josua en sy dapper soldate is nie, maar God Almagtig wat hierdie stad verower. Die priesters word dus noukeurig beduie wat hulle te doen staan.

Volgende aan die beurt is die gewapende manne. Hulle moet die voorhoede vorm. Maar nee, hulle gaan vir ‘n begin gladnie eers hulle wapens gebruik nie. Hulle gaan bloot rondom die stad stap. Dis al!

Uiteindelik is die hele stoet opgestel en Josua is tevrede. ‘n Stoet is dit inderdaad, want wanneer hulle begin stap is dit in sombere stilte. Josua se bevel is dat daar nie ‘n geluidjie uit die soldate se geledere durf kom nie. Daar moet ‘n heilige stilte heers. Vooraan stap die gewapende manne, gevolg deur sewe priesters met ramshorings. Op die agterhoede volg ‘n span priesters in wit gewade, hulle dra die Verbondsark.

In Jerigo skrik die inwoners hulle yskoud as die klaende geluid van sewe ramshorings skielik uit die vlakte begin opklink. Die soldate gryp oorhaastig na hulle wapens en hardloop uitasem na die muur. Wat hulle egter daar onder sien, laat hulle spierwit van angs. Dit is onheilspellend stil, buiten vir die aaklige geluid van die ramshorings wat die hele tyd die onheilspellende lug vul. Met harte wat in hulle kele klop, aanskou hulle die optog wat stadig en somber rondom hulle stad loop. Hulle verstaan dit nie: daar is géén strydkrete nie, géén vertoon van mag of wapens nie, niks! Die klomp loop net. Wanneer gaan hulle aanval?

Wanneer die stoet een keer om die stad is, kies hulle koers huiswaarts. So stil as wat hulle gekom het, verdwyn hulle weer.

“Ek hou níks hiervan nie!” tier die koning teenoor sy raadslede. “As hulle maar net wil aanval soos alle vyande maar doen, dan kan ons met hulle afreken. Maar hierdie ding maak my bitter bang!”

De volgende oggend baie vroeg is dit wéér sulke tyd. Presies dieselfde patroon as die vorige dag. So ook die derde en vierde dag. Vir ses dae hou dit so aan en die inwoners van Jerigo se senuwees is op breekpunt. Spanning laai ondraaglik hoog. Wat is daardie klomp se plan? Hulle voel sommer aan dat daar iets verskrikliks op die sewende dag gaan gebeur!

Vandag kan ons weet dat die Here só anders werk as wat enige mens kan dink. Hy is immers God!

**Gebed:**

Here, hierdie wonder van Jerigo laat my elke keer maar weer my hande saamslaan in verwondering. U is gróót!

# 8

# Die Mure Val!

## Josua 6:15-27

**VIDEO | LUISTER**

Dit is nog pikdonker die oggend van die sewende dag, toe staan almal klaar op hulle plekke en rondtrippel. Hulle bewe eintlik van opgewondenheid, want vandag is dié dag!

Die vorige middag nadat hulle van hulle uitstappie om Jerigo teruggekeer het, het hulle nie soos gewoonlik verdaag en elkeen na sy tent gegaan nie. Josua het hulle laat sit, en toe begin hy verduidelik: “More gaan dit baie anders wees as die vorige dae. More gaan dinge gebeur wat almal se hare gaan laat regop staan! Veral die mense van Jerigo s’n!”

Dan begin Josua vir hulle verduidelik wat hulle te doen staan. Tot vervelens toe word die strategie oor en oor verduidelik sodat elkeen presies weet wat van hom verwag word. Op sy bevel alléén gaan hulle reageer.

En as hy sê: “Skreeu!” dan moet hulle skreeu asof hulle lewens daarvan afhang. Dit moet bloedstollend wees! Hulle oefen ‘n paar keer totdat Josua tevrede is dat dit die Jerigoïte sal laat dooi van pure vrees. Dan kry hulle opdrag om hulle wapens na te gaan, want wanneer hulle aanval mag daar absoluut niks lewendig uit die stad kom nie, nie eers ‘n hoender nie!

Daar is egter een enkele uitsondering: Die twee spioene het mos vir die prostituut Ragab belowe dat sy niks sou oorkom nie. Die twee manne kry nou opdrag om te sorg dat sy en haar mense veilig uit die stad kom.

Die manne verdaag baie opgewonde. Daardie nag sou daar bitter min geslaap word.

Wanneer die rooidag breek, gee Josua die bevel om te beweeg. Presies dieselfde stoet kom somber in beweging en stap in doodse stilte om die stad. Die inwoners van Jerigo is dit teen hierdie tyd al gewoond, en as hulle sien dat dit net maar weer die ou roetine is,

draai hulle om en gaan rustig aan met hulle dagtake.

Maar dan kom die alarm: “Vandag is dit anders! Hulle het gedraai om ‘n tweede keer om die stad te loop!” Die koning haas hom teen die trappies op tot bo-op die muur, net betyds om te sien dat hulle nou al vir hulle derde keer begin omloop. “Wat maak hulle?” wil hy weet. “Hulle beplan iets onheilig!”

Wanneer hulle egter al die sesde keer hulle draai maak, verloor hy belangstelling, want hierdie klomp raak nou vervelig! Hy het hom skaars op sy gemakstoel in die paleis neergeplof om rustig sy middagslapie te geniet, toe dit voel asof sy hare rys. Van buite die stad klink ‘n bloedstollende geskreeu uit veertigduisend kele, gemeng met ‘n oorverdowende, onaardse gekla van ramshorings. Hy spring vervaard op, en dan hoor hy iets anders wat hom so byna in sy sandale laat doodgaan. Die allerverskriklikste gerammel, amper asof daar duisende klippe

begin val. Hy storm uit, en dan val sy mond oop. Hy kan nie glo wat hy sien nie!

Wanneer die manne draai vir hulle sewende keer om die stad, begin hulle al bewe van opgewondenheid. Hulle kan hulleself nog nie mooi indink presies wat gaan gebeur nie. As hulle die laaste draai vat, hoor hulle vir Josua bulder: “Skreeu manne! Die Here gee die stad aan julle oor!”

Die volgende oomblik gebeur alles tegelyk. Dit is asof ‘n reuse onsigbare hand begin om die reuse rotse in die muur uitmekaar te ruk, die oomblik toe hulle begin skreeu en die ramshorings blaas. Die mure verkrummel letterlik soos ‘n sandkasteel wat sy vog verloor het. Die lawaai is oorverdowend en duisende soldate wat die mure beman het, stort gillend na hulle dood!

As Josua opkyk, sien hy dat een enkele stukkie muur wonder bo wonder ongeskonde bly staan te midde van alles wat rondom inmekaar tuimel. Baie opvallend in die stukkie heel muur is ‘n groot helderrooi lap

wat by ‘n venstertjie uithang, dié van die prostituut, Ragab!

Op Josua se bevel klouter die manskappe oor die muur, wat nou slegs ‘n hoop rommel is. Die stad word met die banvloek getref en alles wat lewe word doodgemaak. Die manne is ook die vorige dag die leviete voorgelees, dat hulle absoluut niks mag buit nie. Die uitsondering is edelmetale soos goud, silwer en brons. Dit moet egter alles na Josua toe kom, want dit behoort alles aan die Here.

Wanneer Ragab en haar mense veilig is, word die stad aan die brand gesteek sodat dit totaal vernietig word. “Hierdie stad mag nie weer herbou word nie!” verklaar Josua plegtig.

Ons wil ons blindstaar teen die feit dat almal vernietig moes word. Maar ons kyk God se liefde en genade mis. Ragab, ‘n heidense vrou met ‘n baie twyfelagtige beroep, word gered. Sy word geheel in die volk opgeneem as een van hulle, en wat meer is, sy word die grootmoeder van die groot koning Dawid.

Maar nog meer: haar naam verskyn in Matteus se geslagsregister van Jesus Christus die Verlosser!

Vandag moet ons erken dat die val van Jerigo ‘n asemrowende wonderwerk is van die Almagtige God. Hy is gróót bo almal!

Gebed:

Here, U is groot en almagtig. Ek staan verstom oor U almag en liefde!

# 9

# ‘n Vrot Ertappel in die Sak

## Josua 7

## VIDEO | LUISTER

Laasweek koop ek ‘n sakkie ertappels. By die huis maak ek hom oop en toe tref die alleraakligste reuk my! Die eerste ertappel wat ek uithaal is vrot! Ek begin om hulle uit te haal en tot my ontsteltenis is daar al van die ander wat by hom aangesteek het en óók begin vrot word! En dit stink soos nét ‘n vrot ertappel kan stink!

Die inname van Jerigo was vir Israel ‘n wonderlike ondervinding. Die wonder by die Jordaan, toe die magtige rivier net skielik ophou vloei het op presies die regte oomblik, lê nog vars in hulle geheues. En dan kom hierdie asemrowende wonderwerk van Jerigo, waar die Almagtige God die stad se mure letterlik voor hulle oë laat verkrummel het. Die volk is in ekstase! Die vreugdevure brand hóóg!

Ons het gesien dat Josua die manskappe voor die inval baie mooi die Leviete voorgelees het oor die banvloek. Hy het hulle duidelik laat verstaan dat elke dingetjie in die stad aan die Here behoort. Dít wat nie vernietig word nie, moes uitgelewer word om in diens van God gebruik te word. Versuim hieraan sou baie swaar gestraf word!

Akan het duidelik gehoor wat Josua gesê het, maar toe hy daardie vertrek binnestap en hy sien al die weelde, drup sy mond van begeerte! Die mooiste klere wat hy al ooit in sy lewe gesien het! En boonop goud en silwer in oorvloed. Niemand sal dit eers mis as hy so ‘n ou ietsie hiervan vir homself vat nie! Akan vat die beste kledingstuk, twee kilogram silwer en ‘n goudstaaf van ‘n halfkilogram. Dis al wat hy kon behartig om onder sy klere weg te steek. In vandag se terme sou hierdie spulletjie meer as R700’000 werd wees!

Akan het sommer dadelik geweet hy is in gróót moeilikheid, dus grawe hy ‘n gat in sy

tent toe hulle die aand tuiskom, en begrawe sy fortuin onder die tentvloer sodat niemand óóit daarvan sou weet nie.

Met Jerigo suksesvol op sy kerfstok, begin Josua beplan vir sy volgende inname. Die stad Ai is in sy visier, en hy stuur ‘n paar manne om ‘n bietjie verkenningswerk te gaan doen. Wanneer die manne terugkom, is hulle aanbeveling dat hierdie sommer baie maklik sal gaan. Dit is nie eers nodig om die weermag te stuur nie! So twee- of drieduisend manne is genoeg om die ou stadjie in te palm. “Ons sal sommer dwarsoor hom loop!” Sonder om twee keer te dink, beveel Josua dat ‘n klein gevegseenheid van drieduisend man die stad gaan oorneem.

Maar ai tóg! Daar loop die manne hulle rieme styf! Die soldate van Ai bestorm die klompie Israeliete en verjaag hulle dat jy net hakskene sien klap. Ses en dertig Israeliete byt in die stof en die res kom bedremmeld by Gilgal aan. “Wat het gebeur?” wil Josua weet.

Hy kan dit nie verstaan nie! Die Here het dan vir hom belowe…….

Josua is in sak en as. Hy skeur sy klere en gaan lê met sy gesig in die stof voor die Here se Verbondsark. Hy kerm: “Ag, as ek maar eerder anderkant die Jordaan gebly het…...” Josua se eer is gekrenk en hy voel moedeloos want sy soldate moes vir die vyand vlug. Wat ‘n skande! Sulke dinge is mos nie veronderstel om met God se volk te gebeur nie? Nou gaan die ander volke in die land mos wéét dat hulle ook maar gewone mense is wat oorwin kan word. En wat van God se eer?

Wat het gebeur? Waarom het Israel so liederlik misluk met ‘n aanval wat eintlik verspot maklik moes wees?

Daar was twee redes. Die eerste vind ons in Josua. Ons het hom leer ken as iemand wat naby aan die Here geleef het en die Here in alles geraadpleeg het. Ná die wegholoorwinning in Jerigo, het hy die leisels in sy eie hande geneem. Hy het sélf besluit

hoe Ai oorrompel moes word sonder om eers vir die Here te vra wat hy moes doen. Daardie baie belangrike afhanklikheid van die Here was baie gou vergete!

Hierdie moet vir ons ook ‘n waarskuwing wees, veral wanneer dit baie goed gaan en ons só maklik kan vergeet hoe afhanklik ons werklik van Hom is.

Die hoof rede vir die nederlaag was egter die ongehoorsaamheid en gierigheid van een enkele man: Akan. Hy het van die Here gesteel toe hy die goed gevat het wat na die Here moes gaan. Niemand sou mos weet nie? Werklik? God is nie alleen almagtig nie maar ook alomteenwoordig en alsiende. Niks kan vir Hom weggesteek word nie!

Die Here sê vir Josua dat iemand van Hom gesteel het. Deur ‘n ingewikkelde siftingsproses wat die hele volk behels, word Akan se gesin uitgewys as die skuldige en Akan bieg en kom met die hele sak patats uit. Sy straf: hy en sy gesin moet uit die samelewing verwyder word. Hulle word

gestenig want met sy daad het hy die dood van ses en dertig manskappe veroorsaak. Daardie vrot ertappel moes uitgehaal word voordat dit die hele sak sou bederf.

Sonde het die geneigdheid om uit te kring. As een persoon in sonde leef, het dit ‘n invloed op baie mense rondom hom. Een persoon wat vulgêre grappe vertel op ‘n partytjie, steek die ander aan om dit ook te doen!

Ons moet baie mooi besef dat ons optrede en besluite ook ander mense raak. Dit is gewoonlik eerste jou gesin wat geraak word. Ons as gelowiges moet ons dade baie fyn bereken!

Gebed:

Heilige Gees, lei my asseblief om die regte dinge te doen in volle afhanklikheid van God!

10

# Ai, Ai, ons kry Ai!

## Josua 8:1-29

**VIDEO | LUISTER**

Ai mens! Ai was vir Josua Ai-tog só ‘n bitter pil om te sluk! Maar hy het ‘n baie duur les geleer: “Stel jou vertroue in die Here!”

Maar die Here vergewe: “Josua, Ek wil hê dat jy die stad Ai in besit gaan neem. Ek gee die stad in julle hande!”

Josua is dankbaar dat die Here hom ‘n tweede kans gee en hom steeds gebruik ten spyte daarvan dat hy so op sy eie vermoëns begin staatmaak het. Dan gee die Here vir Josua noukeurige instruksies. Deur goeie, slim beplanning kan die vyand uitoorlê word, al is hulle ook sterk.

Josua moes leer dat Jerigo eintlik verspot maklik was want die Here het die stad klaar vir hulle gegee deur van ‘n asemrowende wonderwerk gebruik te maak. Die Here het ’n

doel gehad met dit alles, want Hy wou eerstens vir Israel wys dat slegs Hý God is en dat hulle Hóm alleen moet aanbid. Hy wou egter ook vir die ander volke van Kanaän waarsku dat hulle met Hóm te doen sou kry want Hy is die enigste ware God. Hy is almagtig en hulle gode is nietig en waardeloos! Toe hulle Jerigo ingeneem het, het hulle eenvoudig oor die mure van die stad gestorm en dit gevat!

Die Here wou egter met Ai se inval vir Josua leer om strategies te begin dink. Jy loop nie net eenvoudig ‘n stad storm en oorrompel hom nie. Die vyand gaan jou pak slae gee! Dit moes hy baie pynlik leer toe hulle Ai onvoorbereid wou inneem. Jy beplan en uitoorlê die vyand.

Vandag is hierdie les ook vir ons as gelowiges baie waardevol. Jy storm nie sommer blindelings in ‘n projek in nie. Jy gaan sit eers en doen deeglike beplanning terwyl jy fyn luister na die stem van die

Heilige Gees om jou wysheid te gee vir die taak.

‘n Bybelstudie geleentheid vra van die persoon wat leiding neem deeglike beplanning  sodat die byeenkoms vir elkeen tot groot seën sal wees. Julle kom nie maar bymekaar en vra: “Waarvoor voel julle vandag lus?” nie. Só ‘n groep gaan misluk!

Ai is, soos die kraai vlieg, sowat agtien kilometer wes van Gilgal. Twee kilometer verder is Bet-El. Josua soek dertigduisend van die dapperste manne uit om die inname van Ai te gaan doen. Dan verduidelik hy wat hulle strategie gaan wees. Sodra die son sak, begin hulle aanmarsjeer na Ai. Hulle sal regdeur die nag stap sodat niemand sal weet dat hulle op pad is nie.

Josua verduidelik verder, dat nés die geval met Jerigo, word die stad met ‘n banvloek getref. Niemand mag oorleef nie. Dit is God se bevel! Maar die Here het tóg ook vir hulle ‘n bonus, want hulle kan al die vee en die buit vir hulleself neem.

Met hulle groot nederlaag teen hierdie einste stad nog vars in die geheue, val die manne die aand in die pad. Maar hierdie slag is hulle behóórlik voorberei en boonop wag daar vir hulle ‘n lekker vet buit. Wanneer hulle in die vroeë oggendure naby die stad kom, roep Josua eers halt. Hier verdeel hy die manskappe. Vyfduisend van hulle gaan agter om die stad en gaan kruip weg aan die westekant tussen Ai en Bet-El. Daar moet hulle wag tot ál die soldate uit die stad uitgelok is.

Met die res van die mag marsjeer Josua oop en bloot tot binne goeie sig van die stad aan die noorde kant en daar slaan hulle ewe arrogant kamp op sodat almal in Ai hulle kan sien!

Natúúrlik maak die wagters op die stadsmure alarm toe dit begin lig word, en hulle sien die klomp Israeliete op hulle voorstoep. En hulle kan baie duidelik sien dat hierdie klomp nie hier is vir ‘n piekniek nie! Inderhaas word die weermag georganiseer en kort voor lank

moet Josua sien hoedat die reuse stadspoorte oopswaai. Dit lyk soos ‘n swerm miere wat by die poorte uitpeul en in hulle duisende swerm die soldate in gelid uit na die vlakte voor die stad en stel hulle linies op. Het hierdie klomp dan nie geleer van laaskeer nie? Hulle gaan die spul Israeliete afmaai!

Aan die oorkant mik Josua om die aanval te loods. Hulle tart en lok die Aïete uit, en dan storm hulle. Natúúrlik laat die koning van Ai nie op hom wag nie en met bloedstollende gevegskrete storm hulle terug om vir eens en altyd met die Israeliete af te reken.

Skielik gee Josua sy manne bevel om om te draai en die hasepad te kies. Hulle hardloop so hard hulle kan, met die ganse weermag van Ai agterna. Die stadspoorte staan wawyd oop met niemand om dit te bewaak nie, want die vyand is mos aan die weghol!

Dit is presies waarvoor die vyfduisend manne aan die westekant gewag het. Hulle spring op, hardloop bloot die stad binne en steek dit

aan die brand. En dan neem hulle stelling in tussen die weermag van Ai en hulle stad.

Wanneer Josua die rook sien, draai hy om. Skielik is hulle nie meer die vlugtendes nie maar die aanvallers en die weermag van Ai is vasgekeer soos rotte. Almal word doodgemaak sonder dat ‘n enkele Israeliet sterf. Daardie middag is dit ‘n singende klomp Israeliete wat stadig huiswaarts loop, want saam met hulle is daar groot troppe vee wat aangedryf word huistoe.

Josua het ‘n baie waardevolle les geleer. Daar is twee dinge nodig om suksesvol te wees: Inderdaad is die belangrikste om jou volle vertroue op God te plaas en te luister na wat Hy sê. Maar dit is ook belangrik om kreatief en slim te beplan en dink. Dit mag nooit uitgesluit word nie!

Gebed:

Here, ek vertrou U met alles in my. Maar leer my ook om slim te kan beplan!

11

# Om te lieg, betaal nie!

## Josua 8:30-9:27

## VIDEO | LUISTER

Dit was tyd vir ‘n verposing, om eers weer ‘n slag rustig asem te haal.

Hierdie volk het groot dinge ervaar, eers die groot wonderwerk by Jerigo, waar die stad as’t ware in hulle skote geval het. Toe weer hulle groot oorwinning oor Ai. Nou was almal aan die brand om voort te veg en meer en meer in te palm. God is aan hulle kant en die veglus is groot!

Maar dan besluit Josua om hulle eers ‘n slaggie terug aarde toe te bring. Hulle moet rustig raak en weer tot die besef gebring word waaroor dit alles gaan. Daarom neem Josua hulle na die Ebalberg naby Sigem, sowat 50 kilometer noord van Gilgal. Hy wil hulle terugbring na hulle wortels toe sodat hulle kan verstaan dat dit nie alles oor oorlog en suksesvolle veldslae gaan nie. Daar is

véél meer in die lewe! Hulle moet tot besinning gebring word en tot die besef gebring word waarop hulle verhouding met die Here gebou is.

Soms gebeur dit ook in ons lewe dat alles voor die wind gaan en jy stoomroller voort na sukses. Moontlik is jou gemeente besig met die een of ander projek en dit kan net nie beter nie. Die fondsinsamelingsprojek vir die ouetehuis oorskry alle verwagtinge. Die kinderhuisprojek vorder beter as wat enigeen óóit verwag het. Dan is dit só maklik om te begin vergeet waaroor dit werklik gaan. Juis dán is dit dikwels nodig om halt te roep en eers te gaan besin oor die grondslag van die projek waarmee julle besig is. Is die Here steeds julle primêre uitgangspunt? Is Hy stééds die belangrikste, of het die projek, hoe edel dit ookal mag wees, belangriker begin raak as God?

By Ebalberg laat bou Josua ‘n altaar vir die Here en daar word aan God geoffer ten aanskoue van die hele volk. Almal was daar,

selfs die vreemdelinge uit ander nasies wat hulle by Israel kom aansluit het. Dan bring Josua die wetboek te voorskyn en hy begin vir hulle voorlees oor presies wat die Here van hulle as volk verwag. Om deel te kan wees van die volk van God, verg van jou ‘n bepaalde leefwyse. Die riglyne daarvoor is opgeteken in Sy wetboek. Die volk moet daaraan herinner word anders sal hulle dit vergeet.

Op soortgelyke wyse moet ek en jy vandag gereeld herinner word aan presies wat die Here van ons verwag, want nes Israel van ouds, vergeet ons tog so maklik. Hoe groot is God se genade nie oor my en jou nie, want ons het nie nodig om elke keer eers na Elbaberg toe te trek om te kan hoor wat die Here se wil vir ons is nie. Ons kan maar net die Bybel oopslaan.

Die Israeliete se asemrowende suksesse op die slagveld en veral dit wat by Jerigo gebeur het, het hulle vooruitgeloop. Hulle vroeëre suksesse soos toe hulle die Amoriete

platgeloop het, het verder daartoe bygedra. Die nuus het soos ‘n veldbrand versprei oor die hele Kanaängebied. Selfs die groot konings het gebewe as die naam “Israel” voor hulle genoem word!

Dan besluit die konings om saam te staan en ‘n militêre alliansie te vorm teen hierdie nuwe gedugte vyand. Elkeen op sy eie sal teen die Israeliete nie hond-haaraf maak nie, maar as almal saam teen hulle optrek, sal hulle die knoop kan deurhaak.

Die inwoners van Gibeon was egter steeds skepties. Hulle het mos gesien wat gebeur het. Hierdie God van Israel is almagtig en selfs al staan almal saam – wie kan teen só ‘n God bly staan? Dan beraam hulle ‘n slinkse plan. Hulle moet die Israeliete aan hulle kant kry. Maar nou het hulle ook al gerugte gehoor dat die inwoners van Kanaän almal gedoem is. Hulle sal moet voorgee dat hulle nie van hier is nie, anders is dit tiekits met hulle!

En so vermom hulle hulleself as mense wat baie ver gery het. Hulle klere is verslete en selfs hulle padkos is stokoud. Hulle het hierdie ding baie mooi uitgewerk om ‘n antwoord op elke vraag te hê. Hulle ry na Josua toe en pleit by hom om “beskerming”. Hulle wil ‘n verdrag met hom sluit en hulle is selfs bereid om onderdanig te wees aan die Israeliete.

Sonder om eers die Here te raadpleeg oor hierdie klomp bedrieërs, val Josua vir hulle slenter. Die Here wou nie hê dat Israel verdrae sluit met die Kanaänitiese volke nie, want dit sou bydra daartoe dat die volk afvallig van Hom raak. En nou doen Josua presies dit wat die Here nie wil hê nie. Die volksleiers word betrek en hulle belowe om nie hierdie Gibeoniete aan te val nie.

Drie dae later kom hulle agter dat dit alles ‘n bedrogspul was. Hulle besef egter dat hulle rééds hulle woord gegee het, en dan doen hulle dit gestand ten spyte daarvan dat die manne hulle bedrieg het. Josua spreek egter

‘n vloek uit teen hulle, en die Gibeoniete word Israel se slawe.

Wanneer iemand ontrou teenoor gelowiges optree, gee dit God se kinders geen reg om hulle eie woord te verbreek nie, al was hulle bedrieg. Uit eerbied vir die Here het Israel nie die Gibeoniete doodgemaak nie. Hulle het ‘n belofte gemaak. Dieselfde word van my en jou gevra. Ons betaal nie ontrou met ontrou nie. Selfs teenoor súlke mense leef ons steeds liefde uit!

Gebed:

Here, ek is so gou om ander te veroordeel. Lei my asseblief om te alle tye liefde uit te leef!

12

# Die Son Staan Stil

## Josua 10

**VIDEO | LUISTER**

Die Gibeoniete waarvan ons gister gelees het, was nou nie juis ‘n minderheidsgroepie nie. Hulle stad was heelwat groter en sterker as dié van Ai. Toe hulle dus by Israel gaan vlerksleep en dit regkry om ‘n verdrag te sluit met Josua se magte, was die ander konings van Kanaän baie bekommerd. Hier kon vir hulle gróót moeilikheid kom as hulle nie baie gou ‘n plan maak met Gibeon nie. En só organiseer die koning van Jerusalem, Adoni-Sedek toe ‘n veldtog saam met vier ander Amoritiese konings om Gibeon van die kaart af te gaan vee voordat hulle hulle mag by die vreesaanjaende leër van Israel gaan voeg.

Dikwels gebeur dit dat mense wat by God se kinders gaan hulp soek, as gevolg daarvan in lewensgevaar kom. Mense raak jaloers op hulle of sien hulle as ‘n bedreiging vir hulle

eie waardes. In sommige van die Moslemlande is bekering tot die Christendom vir daardie persoon ‘n doodsvonnis!

Die manne van Gibeon het te hore gekom van hierdie komplot teen hulle en aangesien hulle dan nou hierdie verbond met Israel bekom het, besluit hulle om by Josua om hulp te gaan aanklop. En Josua stem in, want selfs al het hierdie Gibeoniete hulle om die bos gelei, het Israel vir hulle hulle woord gegee. Hierdie slag raadpleeg Josua egter éérs die Here, want hy het ‘n duur les geleer.

Die Here verseker vir Josua dat Hy met hulle is, en dan snel hulle die Gibeoniete te hulp. Die vyf formidabele konings het alreeds hulle magte rondom Gibeon ontplooi wanneer Josua daar aankom. Wanneer hierdie magte egter die Israeliete sien, raak hulle paniekbevange, en hulle slaan op die vlug met Josua agterna. Wanneer God betrokke is, kan Josua se teentanders nie staande bly nie. God se mag is groter, selfs as hierdie gedugte alliansie van vyf magtige konings!

Dan tref die Here hulle met groot haelstene as ‘n ongekende haelstorm losbars. Die hael saai verwoesting onder die vyand en talle sterf, selfs meer as wat Israel se magte kon doodmaak.

Maar dan gebeur die volgende wonderwerk. Al vlugtende veg die vyand terug, maar die Here gee aan Josua die oorhand sodat duisende soldate sneuwel. Daar is egter ‘n probleem: die dag is te kort! Hierdie vyand moet wortel en tak uitgeroei word, maar daar is net eenvoudig nie genoeg tyd in die dag oor om dit te vermag nie. Dan vra Josua die Here om hulp. Wat moet hy doen? Die Here se antwoord is dat Josua maar net die woord moet spreek, en die son sal stilstaan om hom genoeg tyd te gee.

Dan roep Josua in ‘n sterk stem uit sodat almal hom kan hoor: “Son, staan stil!” En dan gebeur die wonder: vir ‘n volle dag lank hang die son op een plek in die hemelruim totdat Josua se magte die vyand totaal uitgewis het. Israel se magte het totaal ongeskonde

van hierdie hele geveg daarvan afgekom. God het Sy belofte gestand gedoen wat Hy aan Josua gemaak het in Josua 10:8 : "*Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek gee hulle in jou hand. Niemand van hulle sal voor jou staande bly nie.*"

Die vyf konings het intussen in 'n grot gaan wegkruip. Josua laat hulle haal, en dan word hulle doodgemaak.

Jy het sekerlik al die WhatsApp gekry waarin beweer word dat NASA navorsing gedoen het en bevind het dat daar iewers 'n dag "weggeraak" het. Hulle het toe die afleiding gemaak dat dit Josua se dag was.

Hierdie is egter nie die waarheid nie. Die storie is begin deur Harold Hill alreeds in 1969. Hy het beweer dat hy 'n konsultant by NASA was. NASA ontken dit egter asook dat daar ooit sulke navorsing was.

Hierdie storie kom egter al 'n baie verder pad. In 1890 het 'n sekere Professor Totten alreeds 'n boek geskryf waarin hy beweer dat die aarde op Sondag 22 September 4000 vC

geskep is. Toe hy egter sy berekeninge doen, kom hy agter dat 22 September op ‘n Maandag geval het, en toe besef hy dat dit Josua se dag was wat sy berekeninge omver gegooi het!

Ons moenie probeer om die Bybel met allerhande foefies as waar te bewys nie, en veral nie deur die waarheid te verdraai nie. Met sulke soort leuens, hoe edel hulle ookal vir ons mag lyk, veroorsaak jy baie meer skade as wat jy dink. Dit is in elk geval nie nodig om die Bybel waar te bewys nie, want die Bybel IS waar!

Na hierdie geveg het Josua voortgegaan en sistematies sewe stede verower. Sewe is die volmaakte getal en dit beklemtoon simbolies dat die totale gebied deur Israel ingeneem is. Ons moet die geskiedenis egter saamlees met die boek Rigters, waar die prentjie ietwat anders geskilder word. Hierdie stede is oor ‘n tydperk verower en alles het nie so glad verloop as wat in Josua beskryf word nie. Boonop is die verowerings nie deur die hele

volk gedoen nie, maar deur verskillende indiwiduele stamme.

Hierdie is nie teenstrydighede in die Bybel nie, maar die skrywers het uit verskillende oogpunte gekyk na dieselfde gebeurtenis en elkeen het sy eie unieke en baie spesifieke boodskap hiermee gehad. Dan besef mens net weereens dat jy die Bybel in sy geheel moet lees om spesifieke gedeeltes te kan verstaan!

Gebed:

Vandag kan ek net my hande saamslaan in verwondering oor die ongelooflike dinge wat U gedoen het. Here, U is groot en almagtig!

# 13

# Die Noorde word Ingepalm

## Josua 11 en 12

**VIDEO | LUISTER**

Tot dusver het Josua slegs te doene gekry met die volke rondom die Dooie See in die suide van die land. Dinge sou egter verander en Jabin, die koning van Hasor begin ongemaklik raak. Alhoewel sy stad 150 kilometer noord van Gilgal geleë is, begin hierdie afstand vir hom ‘n bietjie klein raak wanneer hy luister na die gerugte van hierdie skrikwekkende volk Israel. Hy is nou wel die magtigste van al die volke in die noorde, maar dit maak hom nie minder gerus nie. Dus stuur hy boodskappe aan al die buurvolke tot so ver as die Jordaanvallei suid van die see van Galilea. Hy wil ‘n bondgenootskap met hulle aangaan teen hierdie klomp Israeliete.

Normaalweg sit hierdie spul beslis nie om dieselfde vuur nie, maar almal is bang vir

Israel en daarom besluit hulle om vir hierdie een keer saam te staan. Wanneer hierdie mag uiteindelik saamtrek en ontplooi by die “Waters van Merom,” is daar soldate net waar jy kyk. Vir die Israeliete wat hulle gesien het, lyk hulle meer as die sand van die see! En dit is nie net voetsoldate nie. Nee, hierdie spul is gewapen tot die tande toe, met perde en strydwaens wat enige weermag inmekaar sal laat krimp van vrees!

Merom is vandag bekend as die Hula-vleilande, sowat 12km bokant die See van Galilea. Dit was ideaal vir Jabin, met volop water vir hulle perde en ‘n oop vlakte vir die strydwaens.

Vir Josua en sy manne is hierdie strydwaens en perde slegte nuus. Hierdie is gevorderde wapentuig! Maar God is in beheer, en al lyk die vyand oorweldigend met die mees gevorderde moderne wapens, is hulle steeds pionne in Sy hand. “Moenie vir hulle bang wees nie.” sê die Here vir Josua. “Môre dié tyd gee Ek hulle oor aan Israel, dan sneuwel

hulle almal.” Dan leer die Here vir Josua iets meer oor oorlogstrategie: “Jy moet hulle perde se hakskeensenings afsny en hulle strydwaens verbrand.”

Die Israeliete was teen hierdie tyd al gesoute vegters wat te voet enige vyand sou aandurf. As hulle van hierdie gedugte vyand se strydwaens en perde ontslae raak, dan is hulle ook maar almal voetsoldate en sonder hulle troefkaart, die strydwaens is hulle leër erg verswak.

Josua doen dus wat die Here hom beveel en dan is hierdie oormag “soos die sand van die see” gladnie meer so skrikwekkend nie. Josua het ook al geleer dat ‘n verrassingselement jou vyand totaal onkant vang en ontwrig. Dit is dan ook presies wat hy doen, en onverwags oorval hy die vyand. Om ‘n lang storie kort te maak: Hulle word afgemaai en totaal vernietig.

Josua moet die yster smee terwyl dit warm is, en dan trek hy op na Hasor in die noorde. Die stad word ingeneem en verbrand. Hy

stop nie hier nie en al die ander stede in die noorde word oorval. Vir Josua se soldate is dit alles baie goeie nuus want by elke stad wat hulle verower, kry hulle toestemming om die vee en buit vir hulleself te neem. Op hierdie wyse sorg die Here mildelik vir Sy volk. Hy gee nie alleen vir hulle 'n nuwe blyplek nie maar voorsien ook mildelik in al die middele om te kan oorleef!

Ons moet besef dat Josua 'n uitstekende leier was. Op 'n tydstip toe die volk totaal leierloos was in Egipte het die Here voorsien in een van die grootste leiers wat die wêreld óóit geken het: Moses. Na sy dood, laat God nie die volk leierloos nie, en weereens voorsien Hy in 'n wonderlike leier soos Josua op 'n tyd toe die volk 'n sterk leier broodnodig gehad het. Sonder Josua se leierskap sou dit onmoontlik wees om die land in te neem.

Josua is egter nie alleen 'n goeie leier nie, maar hy leef in 'n intieme verhouding met die Here net soos sy voorganger Moses.

Terloops, Josua was darem nie die enigste een wat grond verower het vir Israel nie. Aan die ooste kant van die Jordaan het Moses die eens magtige Amoriete asook Basan verslaan en hulle grond vir die volk ingepalm. Saam met die grondgebied wat Josua verower het, is daar nou genoeg grond vir al die Israeliete. Hulle het ook teen hierdie tyd oorgenoeg gehad van oorlog maak, en God gun hulle ‘n welverdiende ruskans.

Die volk het stelselmatig met die hulp van die Here die hele land in besit geneem. Nou kry Josua opdrag van die Here om die land te verdeel sodat elke stam sy regmatige plek sou kry. Die grense van elke stamgebied word noukeurig bepaal sodat daar nie later gestry sou word aan wie ‘n sekere stuk grond behoort nie.

Eerste aan die beurt is die stamme van Ruben, Gad en die halwe Menasse stam wat hulle grond aan die ooste kant van die Jordaan kry soos hulle destyds deur Moses belowe is. Daarna word die grond wat hulle

in besit geneem het wes van die Jordaan onder die oorblywende stamme verdeel.

Dit is egter nie die einde nie. Daar word ook asielstede aangewys waar enigeen in veiligheid kon gaan bly wanneer daar onnodige bloedwraak ter sprake sou wees. Hiervan sal ons ‘n bietjie later meer lees. Verder word stede aangewys wat uitsluitlik vir die gebruik van Leviete sou wees.

Wanneer alles afgehandel is, trek die drie stamme wat grondgebied oorkant die Jordaan gekry het, terug. Op pad bou hulle ‘n altaar vir die Here by die Jordaanrivier.

**Gebed:**

Here, ek sien vanoggend weereens hoe U wonderbaarlik met liefde en deernis die volk gelei en gevestig het!

14

# Elkeen Kry Sy Deel

## Josua 13 en 14

**VIDEO | LUISTER**

Om die land te verdeel sodat elkeen ‘n regverdige plekkie kry, is g’n maklike taak nie, veral as jy nou al ‘n stokou man is soos Josua. Maar ten spyte van sy hoë ouderdom, gebruik die Here hom steeds.

Wanneer Josua begin met die verdeling was daar steeds dele van die land wat nog nie in besit geneem was nie. Een gedeelte aan die weste kant was beset deur ‘n groep immigrante, die moeilike Filistyne. Dan was daar ook die bevolking van Gesur. Maar steeds bly die Here se belofte aan die volk lewendig. Hierdie volke sou Hy ook op Sy tyd vir hulle gee.

Aan elke stam word grondgebied toegeken wat hulle kon gaan bewerk en vir hulle ‘n lewe maak. Daar was egter een stam wat nie grondgebied gekry het nie: die stam van

Levi. Voordat ons begin dink dat dit onregverdig was, moet ons eers besef dat hierdie stam ‘n baie spesiale taak gehad het. Hulle was verantwoordelik vir die tempeldiens. Die priesters was uit hulle geledere aangestel, en aangesien hulle gedurig aan diens was, kon hulle nie terselfdertyd ook landerye bewerk, wingerde plant en vee versorg nie. Dus het die Here op ‘n baie spesiale manier vir hulle gesorg. Hulle kon regdeur die land bly tussen die ander mense en die loon vir die diens wat hulle moes verrig was dat al die ander stamme vir hulle gesorg het.

Vandag weet ons natuurlik dat hierdie land oor ‘n baie diverse landskap strek, van die vrugbare Jordaanvallei tot dor woestyngebied. Toe die land verdeel was, het nie almal dieselfde gekry nie. Terwyl sommige ryk, vrugbare landbougrond gekry het, moes ander tevrede wees met dorre bergwoestyn. En die Leviete moes tevrede wees om op die genade van ander te leef!

Op dieselfde wyse moet ons vandag ook besef dat die Here nie aan alle gelowiges dieselfde gee nie. Sommige van ons het die voorreg om skatryk sakelui te wees terwyl ander van die hand na die mond leef. Vir sommige gelowiges is dit ook soos die Leviete, waar hulle dikwels nie geweet het waar die volgende maaltyd vandaan sou kom nie.

Die belangrike is egter dat ons tevrede moet wees met die omstandighede wat die Here vir ons gee. Elke omstandigheid het sy eie uitdagings. Om skatryk te wees is byvoorbeeld gladnie so maklik as wat dit klink nie, want jy moet tienkeer so hard werk om jou geloof in stand te hou as die man wat in armoede leef. Ek weet baie goed want ek het albei wêrelde gehad. Ek het relatiewe rykdom gehad waar ek eiendomme besit het en goed kon lewe. Ek het ook armoede geken waar ek werklik nie geweet het waar die volgende maaltyd vandaan sou kom nie. Geestelik was die arm tyd baie makliker! Dit was júís in die tye wanneer ek fisies

swaargekry het, waar ek baie nader aan die Here geleef het en waar ek Sy versorgende Hand so intens ervaar het. Dit was ook in hierdie omstandighede waar my vertroue in Hom ongekende hoogtepunte bereik het. Ons moet onder alle omstandighede dankbaar wees.

‘n Vraag wat ons dalk vanoggend wil vra, is hoe hierdie grondverdeling plaasgevind het? Het Josua bloot gaan sit en gesê: “Juda kry hierdie stukkie” en “Gad kry daardie deel”? Nee, dan sou iemand hom dalk kon omkoop vir ‘n beter stukkie grond of die manne sou baklei oor die een bevoordeel is bo die ander.

Nee, Josua het die ding baie slim uitgewerk sodat almal moes weet dat dit regverdig was. Josua het ‘n kommissie saamgestel wat die verdeling moes behartig. Deur loting is elkeen se grondgebied aan hom toegeken. Die uitsondering was natuurlik die stamme wat hulle grond aan die oostekant van die

Jordaan gekry het, want dit was lankal reeds aan hulle toegeken deur Moses.

En dan was daar Kaleb. As ons ‘n bietjie terugblaai in die geskiedenis, veertig jaar voordat Josua oor die Jordaan getrek het, lees ons van hom. Kaleb en Josua was die enigste twee verspieders wat vas geglo het dat die Here die land aan hulle kon gee en dat hulle die Here hierin kon vertrou. Baie jare het verloop en al sy tydgenote is intussen dood. Nou is dit slegs hy en Josua van die oorspronklike klomp wat die Beloofde Land kon betree. Hy stap al aan in die jare, al vyf en tagtig maar steeds sterk. Hy sien selfs nog kans om ‘n stad of twee te gaan inneem!

Omdat Kaleb na al die jare steeds getrou gebly het aan die Here, word hy mildelik beloon. Dit is nie alleen sy hoë ouderdom wat die Here hom gun nie, maar Kaleb kry die room van die buit, die stad Hebron!

Die Here het na al die jare die rolle omgekeer. Josua en Kaleb was verag deur hulle mede-Israeliete omdat hulle teen die

stroom in geglo het dat hulle die land van melk en heuning kon inneem. Niemand wou met hulle saamstem nie en hulle is verstoot. Nou is hulle twee die twee mees geseënde manne in die volk. Terloops, die naam Kaleb beteken “Hond”. Die spreekwoord sê mos: “Elke hond kry sy dag.” Hierdie “hond” Kaleb het beslis sy dag gekry en hy is ryklik beloon deur die Here!

Gebed:

Here, maak my asseblief dankbaar in elke situasie, of dit goed of sleg is. Ek besef dat moeilike tye nodig is om my nader aan U te trek. Help my asseblief ook om in alle omstandighede my blydskap in U uit te leef!

15

# Die Grondverdeling Gefinaliseer

## Josua 15 tot 19

**VIDEO | LUISTER**

Wanneer dit by die verdeling van die land kom, is dit tóg belangrik dat ons na die grondgebied van Juda kyk. Nie alleen kry Juda een van die grootste stukke van die land nie, maar dit vorm ook die belangrike suidgrens van Israel. Dit strek van die Dooie See aan die oostekant tot by die Middellandse See aan die weste. Die suidgrens strek tot by Egipte, Edom en die Sinwoestyn. En noord grens dit aan die grondgebied van Benjamin. Hierdie twee stamme sou later saamsmelt om die Suidryk te vorm en natuurlik die vesting van Koning Dawid.

Nou moet ons egter ietsie meer oor Kaleb sê. God beloon sy geloofsvertroue deur Hebron vir hom te gee. Hy is natuurlik deel van die stam van Juda. Op gevorderde ouderdom

(85) verower hy ook die stad Debir met die hulp van Otniël.

Ons lees nie veel van Kaleb in die Bybel nie, maar in die bietjie wat ons lees, sien ons hom as ‘n uitstaande geloofsfiguur wat nie skroom om sy hand wyd oop te maak vir ander nie. Sy dogter Aksa trou met Otniël. Met die grondverdeling het Otniël ‘n stuk grond gekry in die droë Suidland, en daar moes hy en sy bruid Aksa ‘n lewe maak. Aksa vra toe vir Kaleb of hulle nie asseblief maar ‘n stukkie vrugbare grond kan kry nie, waarop Kaleb vir hulle verskeie fonteine gegee het. Wat Kaleb so mildelik van die Here ontvang het, deel hy weer mildelik met sy familie. Op hierdie manier maak hy die Here se sorg vir elkeen in sy familie sigbaar.

Wanneer Juda hulle grondgebied kry, is daar ook talle stede en dorpe wat deel van hulle eiendom word. Een stad is hulle egter nie beskore nie: Jerusalem. Dit word beset deur die Jebusiete, en hierdie formidabele vestingstad staan onwrikbaar in die berge.

En daarmee moet Juda maar net eenvoudig saamleef. Dit maak natuurlik van Jerusalem ‘n baie belangrike stad vir die volk en een waarin hulle net eenvoudig nie hulle tande kan slaan nie. Dit sou baie jare duur voordat Jerusalem aan Juda behoort. Dit sou eers ‘n uiterste strateeg soos Koning Dawid vat om hierdie begeerlike stad met sy asemrowende, ondeurdringbare mure te verower.

Wanneer ons aan die stamme van Israel dink, is dit natuurlik ingedeel volgens die seuns van Jakob. Elke seun het sy eie stam gehad. Efraim en Manasse was egter nie Jakob se seuns nie, maar Josef se seuns, met ander woorde Jakob se kleinseuns. Jakob het hulle egter aangeneem as sy eie kinders en hulle ook so geseën. Dus tel hulle regmatig as stamvaders. Wanneer die grond verdeel word, kry hierdie twee stamme dan ook elkeen sy eie grondgebied. Hulle was egter nie tevrede met hulle grondgebied nie en in Josua 17:14-18 sien ons hoe hulle by Josua kla dat hulle nie genoeg grond het nie en dat hulle bang is vir die Kanaäniete met

hulle ysterstrydwaens. Josua gee vir hulle ‘n stuk boswêreld wat hulle kan gaan skoonmaak, maar dan vermaan hy hulle omdat hulle nie genoeg vertroue in die Here het nie. Hulle kán mos die Kanaäniete verslaan!

Wanneer jy met God aan jou kant steeds nie die geloofsmoed het om jou moeilike lewensomstandighede te oorkom nie, sal jy ‘n slaaf van jou omstandighede bly. Dit moes Efraim en Manasse baie deeglik besef. En dit moet ek en jy vandag steeds nét so deeglik besef! Jy sal sukses behaal slégs as jy die inisiatief neem en met jou oë op God gerig, jou geleenthede gebruik. Met ander woorde, steeds in volle afhanklikheid van God.

Josua besluit dat dit tyd geword het vir die volk om te skuif. Van Gilgal af trek hulle nou na Silo waar daar reeds ‘n bekende heiligdom vir Israel was. Daar slaan die volk nou kamp op en die Tent van Ontmoeting word ook hier opgeslaan as simbool van God se teenwoordigheid.

Op hierdie stadium was die verdeling van die land nog nie finaal gefinaliseer nie. Tot op datum het die stamme van Ruben, Gad en die halwe Manasse stamme reeds hulle nis aan die oostekant van die Jordaan gekry. Efraim, Juda, Ruben en die ander halwe Manasse stamme het ook reeds aan die westekant van die Jordaan hulle grond gekry en die stam van Levi was ook uitgesorteer, verdeel tussen die stamme. Hier was dus nou nog sewe stamme wat nie hulle deel van die land opgeëis het nie. Josua tik hulle oor die vingers oor hulle traagheid, want dit kom neer op ongehoorsaamheid aan God. Waarom wag hulle dat die Here dinge in hulle skote laat val?

Dan neem die Here weereens die inisiatief en Hy gee hulle ‘n opdrag om die res van die land te gaan verken en dit te verdeel, en dan moet hulle kom verslag doen.

As gelowiges wil die Here hê dat ons sélf die inisiatief sal neem en kreatief dink. Natúúrlik moet ons Hom daarin ken, maar Hy wil ons

nie die hele tyd met ‘n lepel voer nie! Met geloofsmoed moet ons verantwoordelikheid neem en die eerste stap neem. Ons is nie slawe in God se koninkryk nie, maar Konings! ‘n Slaaf doen net wat hy voorgesê word. ‘n Koning dink en beplan sélf en hy neem verantwoordelike besluite!

Gebed:

Here, ek besef vanoggend dat ek moet uitspring en verantwoordelikheid neem vir my lewe. Ek kyk op na U vir leiding want ek wil niks doen wat buite U wil is nie!

16

# Asielstede

# Josua 20 tot 22

## VIDEO | LUISTER

Europa en Turkye was die afgelope paar jaar oorstroom deur vlugtelinge wat in hulle eie lande nie veilig is nie. ‘n Week gelede land ‘n klomp vlugtelinge sonder dokumente uit Gaza by ons voordeur. Almal soek asiel in lande waar hulle veilig is want hulle lewens word elders bedreig. Maar hoe werk hierdie asiel-storie? Wanneer jy in jou eie land onregverdig vervolg word, kan jy na ‘n ander land vlug en daar by die ambassade om asiel aansoek doen. Dit werk natuurlik nie as jy ‘n misdadiger is en probeer om jou regmatige straf vry te spring nie. In só ‘n geval sal jy bloot net weer terug gedeporteer word. Word jy egter oor byvoorbeeld jou geloofsoortuiging vervolg, dan kan jy om asiel vra. As dit toegestaan word, kan die owerhede jou nie verhoor of in die tronk stop daaroor nie. Jy is dus veilig.

Die idee van asiel was alreeds bekend in die Bybelse tye. Josua kry dan ook opdrag van die Here om sekere stede uit te sonder waar mense kon gaan aansoek doen om asiel en waar hulle dan veilig kon wees. As iemand byvoorbeeld die oorsaak was van 'n persoon se dood, waar dit bloot 'n ongeluk was, het dit dikwels gebeur dat die familie van die oorledene wraak gesweer het, al was die persoon onskuldig. Sulke bloedwraak het behels dat die persoon wat verantwoordelik was vir iemand se dood, sélf doodgemaak moes word om te betaal. Hy kon dan beskerming en veiligheid kry in een van die asielstede. Op hierdie manier sou onnodige bloedvergieting verhoed word. Asiel het egter slegs gegeld wanneer die persoon onskuldig was. Skuldiges was nie gevrywaar van straf nie.

Vandag wil ons gewalg voel oor die wraak van daardie tyd. Dit gebeur egter steeds in ons moderne tyd. Ons hoor dikwels van persone wat in die "townships" deur 'n woedende skare tereggestel is omdat daar

geglo is dat hulle die een of ander misdaad sou gepleeg het. Dit geskied gewoonlik sonder ‘n regverdige verhoor. Dikwels word onskuldige mense so om die lewe gebring.

Ons het vandag regverdige howe wat bepaal of iemand skuldig is of nie en watter straf hy verdien. Nogtans word mense dikwels deur die publiek skuldig bevind nog lank voor die hofsaak begin. Die hartseer is dat gelowiges gewoonlik ewe hard veroordeel! Ons dink dat ons baie slimmer is as die hoogsgeleerde regters!

Laaste aan die beurt was die Leviete. Ons het reeds gehoor dat die Leviete deur die volk onderhou moes word. Die Leviete het lewensruimte nodig gehad en daar moes natuurlik ook weiding beskikbaar wees vir hulle vee. Nou kom Josua en sy span wat die grondverdeling behartig en hulle ken agt en veertig stede toe aan die Leviete. Terselfdertyd word verskeie weivelde toegeken waarop hulle vee kon loop. Hierdie stede en weivelde was eweredig versprei

tussen al die stamme sodat alles nie op slegs ‘n paar stamme sou neerkom nie. Verder sou dit ook verseker dat die Leviete beskikbaar sou wees vir alle Israeliete, maak nie saak van watter stam hulle was nie.

So het die Here mildelik voorsien in die behoeftes van die Leviete sodat hulle hulle taak kon uitvoer sonder om te bekommer oor hulle fisiese behoeftes. Daarvoor het die volk voorsien.

Ons het reeds gesê dat die Leviete ‘n besonderse rol in Israel vervul het. Uit hulle het die priesters gekom wat die offerandes moes hanteer en sodoende vir die volk by God moes intree. Die Leviete was ook verantwoordelik vir die versorging van die Tabernakel en alle ander heiligdomme. Hulle moes ook toesien dat die Here deur die volk gedien word en dat Sy wil uitgevoer word.

Vandag is dit nie meer die taak van Leviete nie maar hierdie take rus nou vierkantig op die skouers van alle gelowiges. Nie maar ‘n paar uitgesoektes soos kerkleiers, pastore,

dominees nie, maar elkeen van ons wat kinders van die Here is. Inderdaad voorsien die Here ook mildelik in ons behoeftes vandag. Ek kan maar net getuig van Sy goedheid in my eie lewe! Hy vra egter dat ek Hóm sigbaar sal maak aan die wêreld deur my optrede. Deur Sy liefde aktief uit te leef, sien die wêreld Jesus in en deur my.

Ons kan ook verséker weet dat dieselfde God wat destyds betrokke was met die stamme van Israel, vandag steeds betrokke is met my en jou. Sy beloftes staan steeds vas en waar en Hy kom dit volledig na. Hy versorg, voorsien en bewaar ons selfs deur die moeilikste omstandighede. Daarom verdien Hy dat ons Hom met volle toewyding dien.

Uiteindelik is die grondverdeling gefinaliseer en nou is dit tyd vir die drie stamme van die Oosjordaanstreek om uiteindelik huiswaarts te keer waar hulle vrouens en kinders geduldig vir hulle wag. Vir hulle was dit ‘n groot opoffering om eers die ander stamme

te help om die land in besit te neem en te vestig. Voor hulle vertrek pleit Josua eers by hulle om altyd gehoorsaam aan die Here te bly en te lewe volgens Sy wil. Hulle vertrek egter nie met leë hande nie. Saam met hulle gaan edelmetale, groot troppe vee en 'n groot vrag tekstielware wat hulle met hulle stamgenote gaan deel. Almal wat daar agtergebly het deel in die buit.

God se kinders mag nooit in selfsug en eiebelang leef nie!

Gebed:

Here, dankie vir al die gawes wat U my gegee het. Help my om dit ook met ander te deel!

# 17

# Misverstand

## Josua 22:9-34

**VIDEO | LUISTER**

Josua het die drie stamme aan die Oosjordaanstreek teruggestuur huistoe met die woorde: “Gaan terug na julle woonplekke toe met groot rykdom, met groot troppe vee, met silwer, goud, koper en yster, met baie klere, maar deel die buit wat julle van julle vyande gevat het, met julle stamgenote.”

Dit was dus met wedersydse dankbaarheid wat hulle van Silo af vertrek. Hulle volksgenote is dankbaar omdat hulle onbaatsugtig gehelp het om die land vir hulle in besit te neem. Daar heers ook groot dankbaarheid by die drie vertrekkende stamme want nie alleen is hulle oorlaai met rykdom nie, maar hulle gaan weer met hulle gesinne verenig word. Hierdie rykdom gaan hulle deel met hulle stamgenote wat agtergebly het.

En so vertrek hulle met groot fanfare. Wanneer hulle ‘n dag of wat later by die Jordaanrivier aankom, besluit hulle spontaan om daar uit dankbaarheid vir die Here ‘n altaar te bou wat ook sou dien as ‘n gedenkteken van Sy troue sorg oor hulle in hierdie tyd. Hierdie is nie sommer ‘n gewone ou altaartjie nie, hulle besluit om sommer ‘n gróót en indrukwekkende altaar te bou. Niemand mag dit miskyk nie! Die volgende dag steek hulle die Jordaan oor en haas hulle huiswaarts. Natuurlik is die blydskap baie groot en ek is seker dat daar daardie aand groot fees gevier is in die kamp van Manasse, Ruben en Gad.

Maar die duiwel het mos nog al die jare daardie nare gewoonte om verdeeldheid te probeer saai. En so gebeur dit dat iemand op ‘n dag langs die Jordaanrivier stap waar hy sy skape, wat hy natuurlik van die Kanaäniete gebuit het, laat wei. En dan sien hy iets wat nie voorheen daar was nie: ‘n altaar! Hy het nog nooit ‘n altaar van hierdie statuur gesien nie! Hy sien ook baie duidelik

die spore van ‘n duisend manne wat daar saamgedrom het en deur die Jordaanrivier verdwyn.

Dan sit die kêrel twee en twee bymekaar, maar sy wiskunde is nie so goed nie en hy kry VYF! Hierdie spul wat so pas vir maande lank saam met hulle geveg het onder die vaandel van die Here het ‘n liederlike ding gedoen! Hulle het nou ná alles wat die Here vir hulle gedoen het, weer teruggeval op hulle ou weë en hier ‘n altaar kom bou vir die een of ander afgod!

Die kêrel los sy trop skape nét daar saam met sy kleinboetie en hardloop dat jy net skurwe hakskene sien, reguit na Josua toe om vir hom die ontstellende nuus oor te dra.

Die verskriklike nuus versprei soos ‘n veldbrand. Hoe kón hulle? Hoe is dit moontlik dat hulle die Here so gou kon vergeet? “En dan het hulle boonop nog die vermetelheid om die altaar aan óns kant van die Jordaan te bou!” brom een van die omgesukkelde manne.

“Ja,” beaam sy maat, “en boonop weet hulle baie goed dat jy net op een plek aan die Here mag offer, en dit is op die altaar by die tent van ontmoeting!”

Daar word nét daar en dan ‘n volksvergadering belê en almal wat saakmaak is daar. Intussen is ‘n paar manne afgevaardig om inspeksie te gaan doen oor die “afgodsaltaar”, en by die volksvergadering bevestig hulle die vermoede van die skaapwagter.

Die manne is warm onder die kraag en in die hitte van die oomblik besluit hulle om die klomp oorkant die Jordaan te gaan uitdelg. As hulle sulke liederlike dinge wil doen, moet hulle dood! “Oorlog! Oorlog!” skree hulle. Die wet sê tog immers baie duidelik dat hulle doodgemaak moet word.

Maar die wet (Deuteronomium 13:12-15) sê ook nét so duidelik dat die saak eers deeglik ondersoek moet word. Dus word Pinehas, Aäron se kleinseun afgevaardig om oor te gaan na die skuldiges en hulle te ondervra

soos die wet vereis. Pinehas is immers ‘n streng kêrel wat nie afvalligheid duld nie.

Dan vat Pinehas, vergesel van sy kommissie van ondersoek van tien van die volksleiers die pad, vasberade om die waarheid uit die belhamels te wurg. By hulle aankoms wys ‘n omgesukkelde Pinehas die vinger na die leiers van die Oosjordaan groep: “So sê die hele volksvergadering van die Here: Hoe kon julle dié daad van ontrou begaan teen die God van Israel? Julle het mos nou die Here verlaat toe julle die altaar gebou het! Julle is nou in verset teen Hom!” (Jos 22:16)

“Die Here alleen is God, die Here alleen is God!” kreun die verbaasde Oosjordaners. En dan verduidelik hulle dat daardie altaar niks anders is nie as ‘n gedenkteken sodat niemand ooit sal vergeet dat hulle ook deel van die volk van God is nie. Hulle het nooit eers daarop geoffer nie!

So byna-byna het ‘n simpele misverstand gelei tot ‘n bloedige burgeroorlog. Gelowiges moet met mekaar praat en nie sommer

gevolgtrekkings maak nie. Kom ons bou eerder bakens van liefde, trou en regverdigheid om gelowiges bymekaar te bring en ongelowiges tot die besef te bring dat daar net één God is om te aanbid!

Gebed:

Here, ek is so dikwels skuldig daaraan dat ek ander veroordeel. Ek vra om vergifnis Here!

# 18

# ‘n Broederlike Gesprek

## Josua 23

## VIDEO | LUISTER

Dit het goed gegaan met die volk. Vir geruime tyd al beleef hulle ‘n groot mate van vrede met al hulle bure, dié wat hulle nie met wortel en tak uitgeroei het nie. God het vir Israel rus gegee sodat hulle ‘n nuwe begin kon maak in hierdie land van oorvloed. Eintlik het dit sommer báie goed gegaan met hulle, want hulle het nie eers nodig gehad om van voor af nuwe wingerde te plant of landerye te maak nie. Alles was alreeds vir hulle gedoen deur die nasies wat hulle verower het. Hulle het selfs genoeg troppe vee geërf. Al wat hulle moes doen was om voort te bou daarop. Dit was beslis baie beter as die lewe van slawerny in Egipte wat hulle ouers gehad het of die veertig jaar van rondswerf in die woestyn.

Die Here was baie goed vir Israel!

Dan roep Josua die volk bymekaar. Hy wil met hulle gesels. Josua was al ‘n man van veertig jaar oud toe Moses hulle uit Egipte gelei het. Hy het, met ander woorde, daardie onhoudbare situasie in Egipte beleef. Hy het die slawerny aan sy bas gevoel en hy het geweet wat dit was om soos ‘n dier deur ‘n Egiptenaar gedryf te word. Hy het ook die veertig lang jare se swerftog deur die woestyn deurgemaak én dit oorleef, nét hy en Kaleb! En dit oor die volk se hardkoppigheid! Nou is hy ‘n stokou man. Die afgelope tyd se oorlog teen al die Kanaänitiese volke het beslis ook sy tol geëis en Josua is moeg. Maar tevrede!

Josua wil dóódseker maak dat hierdie volk behóórlik verstaan waaroor dit alles gaan. Hulle is deur ‘n baie moeilike tyd van groot spanning sowel as opwinding. Hulle het dinge beleef wat niemand anders óóit beskore was nie. Hulle het God se liefdevolle versorging intens beleef. En skielik is dit alles verby en nou gaan dit goed met hulle. Josua weet maar ál te goed dat wanneer dít gebeur,

dan vergeet jy só maklik waar alles vandaan kom. Dus wil hy mooi met die volk gesels.

Wanneer almal bymekaar is, begin Josua. Hy bemoedig die volk maar terselfdertyd vermaan hy hulle ook. Hy gee hulle ‘n terugblik op die dinge wat die afgelope tyd met hulle gebeur het, van hoe hulle hierdie mooi land verower het. En dan maak hy doodseker dat die fokus op God bly, want dit is immers Hý wat die land as’t ware in die volk se skoot laat val het!

Josua beklemtoon die feit dat hy al baie oud is, nie dat hy oor die muur is nie, maar dat die Here hom geseën het met ‘n baie lang lewe. Dit is egter nie al nie: kyk net wat het die Here alles vir die volk gegee! Hulle het hierdie land present gekry en nou het hulle rus en vrede. Die Here het Sy beloftes aan hulle waar gemaak. En dit sal beslis ook nie hier eindig nie, want soos wat Hy die grondgebied vir hulle gegee het, so sal Hy voortgaan en hulle beskerm teen hulle

vyande. Sy beloftes van die verlede staan ook vas vir die toekoms.

Hierdie toespraak van Josua van toentertyd is eintlik ook vir my en jou vandag. Ons God is nie ‘n willekeurige God wat vandag een ding sê en more ‘n ander nie. Hy is standvastig en geloofwaardig en soos wat Hy daardie jare beskerming en troos gebied het vir Israel, bied Hy vandag beskerming en troos vir ons.

‘n Saak het egter twee kante. Josua vermaan die volk dat hulle moet “sterk staan in die uitvoering van alles wat geskryf staan in die wetboek van Moses” (Jos 23:6). Hulle staan in ‘n vaste verbintenis met God en daarom is dit nie net God wat al die tyd gee nie, maar hulle het sélf ook ‘n verpligting om na te kom. Hulle moet Hom getrou dien en liefhê soos wat Moses destyds die riglyne neergelê het. Dit beteken dan ook dat hulle Hom alleen sal aanbid, wat neerkom op trou en lojaliteit.

As hulle egter hulle lojaliteit aan Hom verbreek deur met ander gode te heul, kan

Hy Hom ook aan húlle onttrek. Hy het beslis die mag om weer weg te vat wat Hy aan hulle gegee het as hulle die dag ontrou raak. God gee Sy gawes en bystand voorwaardelik aan Sy kinders.

Josua rig ‘n ernstige vermaning aan die volk: hulle mag nie meng of ondertrou met die ander volke wat in die land oorgebly het nie. Daar is ‘n baie goeie rede voor: dit sal hulle blootstelling gee aan die ander volke se gode, lewenswyse en geloof. Dit hou ‘n groot gevaar in vir Israel want dit kan maak dat hulle toewyding aan die Here verslap. Dit kan selfs maak dat hulle ander gode begin aanbid en sodoende alle lojaliteit aan God onttrek. Jy kan beslis nie twee gode dien nie!

Vir ons beteken dit vandag dat ons onsself nie moet blootstel aan dinge wat ons verhouding met die Here in gedrang kan bring nie. Om ‘n voorbeeld te noem: Om “onskuldig” met die dobbelmasjiene te speel, kan jou geleidelik van God af wegrokkel. Dit kan ‘n verslawing tot gevolg hê. Dit kan ook

beteken dat jy begin vergeet van jou afhanklikheid van God. Uiteindelik sal jy totaal wegdryf van die Here af. En wanneer dit die dag gebeur, bestaan die gevaar dat jy jou saligheid kan verloor. Dit is te afgryslik om eers oor te dink!

Die Here verdien dat ons getrou aan Hom lewe. As dit nie gebeur nie, dra ons die gevolge van ons eie ongehoorsame dade. Josua wil my en jou laat nadink oor ons verhouding met God. Leef getrou aan die Here! Dien Hom met volle toewyding en oorgawe!

Gebed:

Here, hou my asseblief getrou aan U. Heilige Gees, lei my om U te dien met alles in my!

19

# Afskeidswoorde

## Josua 24

**VIDEO | LUISTER**

Sigem is ‘n plek met groot betekenis vir Israel. Dit was hier waar Abraham sy eerste stop gemaak het in Kanaän. In Genesis 12 lees ons dat die Here daar by Sigem aan Abraham verskyn het en dat Hy vir Abraham belowe het dat Hy die land aan Hom gee. Daar het Abraham dan ook ‘n altaar vir die Here gebou. Baie jare later slaan Jakob by die einste Sigem kamp op. Hy koop die stuk grond waar sy tent staan en ook hý bou daar ‘n altaar vir die Here (Genesis 33:20).

Dit is dus net natuurlik dat Sigem vir die volk Israel groot godsdienstige betekenis het. Dus bou ook húlle daar ‘n altaar vir die Here (Josua 8:31).

Wanneer Josua begin besef dat sy einde nie meer ver is nie, is dit vir hom belangrik om vir oulaas met die volk te praat. Sigem is die

logiese plek om hulle bymekaar te kry omdat dit so ‘n groot Godsdienstige rol in die volk se geskiedenis speel.

Wanneer almal vanoor die hele land bymekaar is, laat Josua hulle eers rustig word. Hy praat met hulle soos ‘n ware geloofsleier en dan neem hy hulle op ‘n herinneringsvlug deur die verlede. Hulle mag nie vergeet waar hulle vandaan kom nie. Hy neem hulle terug na elke stilhouplekkie langs die lang pad wat die volk gestap het.

Josua begin by die vader van die volk, Abraham. Oorspronklik het hy en sy pa Nahor ander gode gedien. Maar God het hom en sy familie tussen die ander gode gaan uithaal en hom geseën. Hy het ‘n verbond met Abraham gesluit waarin Hy beloof het dat Hy Abraham se God sou wees, asook die van sy nageslag. En sedertdien het Hy daardie nageslag nog nooit verlaat nie!

Hierdie volk het oor die afgelope klompie dekades beleef op watter wyse die Here by

hulle was: Moses wat hulle uit die kloue van die Farao geskeur het, die Rietsee-ervaring en hulle redding deur die woestyn. Meer onlangs was daar die wonderbaarlike deurtog deur die Jordaan, Jerigo en nog baie ander. En toe gee die Here hulle ‘n land wat klaar bewerk en bebou was. Hulle kon maar net instap en dit geniet! Die inwoners van die land het voor hulle uit gevlug omdat God so almagtig is.

Ons as gelowiges het soms ook nodig om net ‘n bietjie te gaan terugkyk op ons lewenspad. Ons moet gaan stilstaan by al die stilhouplekkies waar die Here ons oorlaai het met Sy wonderlike genade, seën en liefde en dit weer oordink sodat ons die Here weer ‘n slag kan waardeer. Dan sal ons ook weer waardeer wat ons het, want alles wat ons het kom van die Here af.

“Betoon dan nou eerbied aan die Here en dien Hom met opregtheid en met trou.” druk Josua hulle dit op die hart. Hulle moenie eers daaraan dink om van die Here af weg te

dwaal nie. Dan stel Josua aan hulle ‘n keuse: “Kies dan vandag wie julle wil dien.” Hy het gesien hoedat die volk so maklik afvallig raak van die Here en hy wil by hulle pleit om altyd die enigste ware God te dien. “Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.” (Josua 24:15). Dis by hom ‘n uitgemaakte saak. Dit kan nie anders nie! Hy is nie bang om alleen te staan nie en sy hele lewe getuig daarvan.

Vandag vra die Here van my en jou om ook Josua’s te wees wat onwrikbaar vasstaan in ons geloof, maak nie saak wát gebeur nie!

Die volk antwoord uit een mond dat hulle die Here wil dien. Maar Josua is nie tevrede nie. Om maar net te sê dat jy die Here wil dien beteken nie veel nie. Oorgawe aan die Here vra ‘n totale verbintenis. Die volk bevestig daar by Sigem plegtig hulle volle toewyding aan die Here. Omdat Hy hulle deur alles gehelp het sal hulle Hom dien. Plegtig belowe hulle daar dat hulle Hom nie maar halfhartig sal dien nie maar voluit.

Dit is só belangrik dat ons moet besef dat ons die Here VOLUIT moet dien en nie maar afskeep en halfhartig nie. Hy verwag dit van elke gelowige!

Josua is egter steeds nie heeltemal tevrede nie en dan sluit hy ‘n verbond (‘n kontrak) namens die volk met God om alles “wetlik” te maak. Daar word ‘n groot klip as gedenkteken regop staangemaak onder ‘n groot boom wat sou dien as die amptelike dokument van hulle kontrak met God wat hulle vir altyd aan hulle verbintenis met Hom sou herinner.

Ons belydenis dat ons gelowiges is, getuig daarvan dat ons God dien. Wanneer ons dit in die openbaar bely, hoor ander mense dit ook en hulle is getuies daarvan. ‘n Getuienis is eintlik ‘n mens se beleidsverklaring. Wanneer ons daardie verklaring maak, moet ons daarby hou en nie maak soos so baie politici nie!

Die boek Josua sluit af met ‘n paar doodsberigte. Josef se liggaam wat al die

pad uit Egipte saamgekom het word by Sigem begrawe. Josua sterf op ‘n baie hoë ouderdom van ‘n honderd en tien jaar. Sy dood is inderdaad ‘n kroon op ‘n vol en ryk lewe!

En so kom ‘n era in die geskiedenis van die volk Israel tot ‘n einde. ‘n Finale streep onder die geskiedenis wat by die aartsvader Abraham by Sigem begin en weer na baie jare by Sigem eindig.

Gebed:

Dankie vir die wonderlike lewe en voorbeeld van Josua. Here, maak my ook ‘n Josua vandag!